



BESIGHEIDSTUDIES

HERSIENINGSBOEKIE

2025 KWARTAAL 3

Graad 12

Hierdie hersienings program is ontwerp om jou te help met die hersiening van die kritieke inhoud en vaardighede wat gedurende die 3^{de} kwartaal gedek was. Die doel is om jou voor te berei om die sleutel konsepte te verstaan en om jou die geleentheid te bied om die vereiste standaard te bereik en die toepassing van die kennis wat nodig is om in die Finale NSS-eksamen te slaag, te bemeester.

Die hersieningsprogram dek die volgende onderwerpe:

- Menseregte, inklusiwiteit en omgewingskwessies
- Sosiale verantwoordelikheid; KMV en KMI
- Aanbieding & Data respons
- Ondernemingsvorme

	Inhoud	Bladsynommers
1	Menseregte, Inklusiwiteit en Omgewingskwessies	2 – 15
2	Sosiale verantwoordelikheid; KMV & KMI	16 – 27
3	Aanbieding & Data respons	28 – 39
4	Ondernemingsvorme	40 – 60
5	Konsolidasie	61

Hierdie hersieningsboekie dek die VIER onderwerpe wat in kwartaal 3 onderrig is.

Die eerste onderwerp hoe ons sal fokus is:

1. MENSEREGTE, INKLUSIVITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES

Aan die einde van hierdie onderwerp moet leerders die volgende kan doen:

- ❖ Beskryf kortliks/Noem die menseregte in die werkplek
- ❖ Identifiseer die bostaande menseregte uit gegewe scenario's/stellings.
- ❖ Beveel maniere aan hoe besighede die bostaande menseregte in die werkplek kan hanteer.
- ❖ Beskryf kortliks/Noem die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek.
- ❖ Beskryf kortliks/Noem die sosiale regte van werknemers in die werkplek.
- ❖ Beveel maniere aan hoe besighede die sosiale regte en kulturele regte in die werkplek kan bevorder.
- ❖ Verduidelik die implikasies van gelykheid, respek en waardigheid op besighede.
- ❖ Definieer/Brei uit oor die betekenis van diversiteit in die werkplek.
- ❖ Identifiseer/Noem die diversiteit kwessies uit gegewe scenario's of stellings:
- ❖ Beveel aan/Stel maniere voor hoe besighede die bostaande diversiteit kwessies in die werkplek kan hanteer.
- ❖ Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek
- ❖ Verduidelik die verantwoordelikhede van werkgewers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder.
- ❖ Beskryf kortliks/Verduidelik/Bespreek die rol van die gesondheid en veiligheidsverteenvoerders om die werksomgewing te beskerm
- ❖ Identifiseer die rol van die gesondheids- en veiligheidsverteenvoerders uit gegewe scenario's.
- ❖ Verduidelik die verantwoordelikhede van werknemers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder
- ❖ Beskryf kortliks/Verduidelik/Bespreek die rol van die gesondheids en veiligheidsverteenvoerders om die werksomgewing te beskerm.
- ❖ Identifiseer die rol van die gesondheids- en veiligheidsverteenvoerders uit gegewe scenario's.
- ❖ Verduidelik die verantwoordelikhede van werknemers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder
- ❖ Identifiseer die verantwoordelikhede van werkgewers en werknemers vir die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek uit gegewe scenario's.
- ❖ Beveel aan/Stel strategieë voor wat besighede kan gebruik om die omgewing en menslike gesondheid te beskerm.

Sleutel konsepte

- **Ekonomiese regte:** die regte wat elke persoon moet hê om ekonomies aktief te wees en volgens sekere wette en regulasies behandel te word.
- **Gelykheid:** gelyke indiensnemingspraktyke, sonder enige diskriminasie. Almal is geregtig op gelyke regte, status, voordele,
- **Gestremdheid:** 'n fisiese of geestelike toestand wat 'n persoon se bewegings, sintuie of aktiwiteite beperk.
- **Kulturele regte:** die reg om die idees, gebruike en sosiale gedrag van 'n bepaalde groep of samelewing uit te oefen.
- **Maatskaplike regte:** die reg van mense op welsyn en maatskaplike voordele.
- **Menseregte:** die basiese regte wat almal het omdat hulle mense is, ongeag hul geslag, ras, nasionaliteit of enige ander status.
- **Respek:** beleefde gedrag teenoor of omgee vir iemand/iets wat jy dink belangrik is. Dit is wanneer jy iemand/iets met ordentlikheid of bedagsaamheid behandel.
- **Waardigheid:** om 'n persoon met respek te behandel.

Inleiding

Menseregte is basiese regte wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet verskans is. Hierdie regte stel mense in staat om met mekaar te kommunikeer, deur 'n gedeelde stel regte en verantwoordelikhede. Daar word ook van besighede verwag om menseregte in die werkplek te bevorder.

In Graad 10 het jy oor die doel van inklusiwiteit in die werkplek geleer.

In Graad 11 het jy van veiligheid en verteenwoordigers van gesondheid by die werkplek geleer.

Ons sal 'n breedvoerige ontleding van die menseregte, Inklusiwiteit en omgewingskwessies in Graad 12 behandel.

1.1 Die betekenis van menseregte in die werkplek

Menseregte is regte wat almal op geregtig is. Hierdie regte word beskerm deur die Handves van Regte vervat in hoofstuk twee van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet Nr. 108 van 1996. Hierdie regte is op gemeenskaplike waardes gebaseer soos waardigheid, gelykheid, regverdigheid, respek ens.

1.2 Tipe Menseregte in die werkplek

Waardigheid	Vryheid van spraak en uitdrukking	Privaatheid
Gelykheid	Veiligheid/Sekuriteit en Beskerming van Lewe	Inligting



1.2.1

Voltooi die volgende met betrekking tot tipe **Menseregte** in die werkplek. Pas die verduideliking by die tipe mensereg. Kies jou antwoord uit die konsepte

		hierbo
--	--	--------

#	Menseregte	Verduideliking
1		Mense se inligting moet vertroulik gehou word en hul eiendom moet gerespekteer word.
2		Almal het die reg om met respek behandel te word en dat hul waardigheid beskerm word.
3		Mense moet gelyk wees in regte, status en voordele en as sodanig behandel word in die werkplek.
4		Elkeen moet die reg hê om sy/haar mening uit te spreek en moet nie gestraf of gediskrimineer word omdat hulle dit uitspreek nie.
5		Almal moet toegang hê tot inligting wat hulle raak, insluitend alle inligting wat deur werkgewers, die regering en ander belanghebbendes gehou word.
6		Mense het die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid is nie en die regte toerusting om hul gesondheid en veiligheid te beskerm.

1.3 Maniere om menseregte in die werkplek te hanteer

	1.3.1	Voltooi die volgende met betrekking tot maniere om Menseregte in die werkplek te hanteer.
---	--------------	--

inlig	sosio-ekonomiese	wetgewing	diskrimineer	griewe
werkplek	vernederende	kommunikeer	gelyke	mening
skend	beskermende	regering	vertroulik	deursigtig
oop	siektes	regulasies	werknemer	-

Menseregte	Maniere om menseregte in die werkplek te hanteer	Antwoorde
Privaatheid	• Besighede moet die regte van werknemers en kliënte respekteer en mag dit nie ... nie.	
	• Persoonlike inligting oor werknemers of kliënte moet ... gehou word en moet nie aan enigiemand anders gegee word nie.	
	• Die besigheid moet enige inligting oor chroniese ... van sy werknemers vertroulik hou.	
Waardigheid	• Besighede moet hul werknemers waardeer ongeag hul... status en alle werknemers met respek en waardigheid behandel.	
	• Werknemers mag nie gedwing word om ... werk te doen nie.	
	• Besigheid moet met respek en waardigheid met werknemers en kliënte ...	
Gelykheid	• Besighede moenie teen werknemers ... op grond van byvoorbeeld geslag, ras, geloof en seksuele oriëntasie nie, maar gelyke geleenthede aan hulle gee.	
	• Besighede moet verseker dat hul werkers ... betaling ontvang vir werk van gelyke waarde.	
	• Hulle moet toepaslik ... regverdig toepas op alle bestuurs vlakke.	

Menseregte	Maniere om menseregte in die werkplek te hanteer	Antwoorde
	<ul style="list-style-type: none"> Bestuurders moet verseker dat geen ... nadelig beïnvloed word nie as gevolg van diskriminasie 	
Vryheid van spraak/ Uitdrukking	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet ... kommunikasie kanale tussen bestuur en werknemers toelaat. 	
	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet werknemers 'n platform gee om hul ... te stel sonder enige viktimisering 	
	<ul style="list-style-type: none"> Die werknemer het die reg om hul ... uit te spreek en moet nie gestraf of gediskrimineer word as gevolg daarvan nie. 	
Inligting	<ul style="list-style-type: none"> Werkers moet toegang hê tot inligting wat hulle raak, insluitend alle inligting wat deur die ... gehou word. 	
	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet ... wees in hul finansiële state deur werknemers wat versoek toe te laat om die state te sien. 	
	<ul style="list-style-type: none"> Wanneer nuwe inligting beskikbaar word, moet die besigheid werknemers daarvoor ... 	
Veiligheid/ Sekuriteit	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet werkers met ... klere voorsien, byvoorbeeld handskoene en skoene. 	
	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet voldoen aan die ... soos die WBGV/WVBBS, wat die veiligheid en gesondheid van die werknemers raak.. 	
	<ul style="list-style-type: none"> Werkgewers moet voorsorgmaatreëls tref om te verseker dat werknemers en hul besittings veilig is in die ... 	

1.4 Ekonomiese regte van werknemers

	1.4.1	Voltooi die volgende met betrekking tot Ekonomiese Regte van werknemers. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--------------	---

werk	wettig	kies	handel dryf
dwang	werksure	werksure	

#	Ekonomiese regte van werknemers	Antwoorde
1	Vryheid van ... arbeid	
2	Die reg om werk te aanvaar of ...	
3	Gelyke lone en gelyke betaling vir gelyke...	
4	Die reg op ontspanning en redelike beperking van...	
5	Veilige en gesonde ...	
6	Om ... te vorm en daarby aan te sluit.	
7	Reg om aan 'n ... staking deel te neem	

1.5 Die sosiale regte van werknemers

Skoon water	Onderwys	Beskerming	Gesondheidsorg
-------------	----------	------------	----------------

1.6 Maniere om sosiale regte in die werkplek te bevorder

	1.6.1	Voltooi die volgende met betrekking tot maniere om Sosiale regte in die werkplek te bevorder. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--------------	--

vaardigheid	spesiale	toegang
mediese	werkloosheid	

#	Sosiale regte van werknemers	Antwoorde
1	Die besigheid moet voldoen aan die reg van werkers om ... tot skoon water en maatskaplike sekuriteit in die werkplek te hê.	
2	Verskaf geleenthede vir werknemers om ... opleiding sessies by te woon.	
3	Die besigheid moet werkers by die WVF registreer om voldoende beskerming te bied in die geval van... of siekte.	
4	Die besigheid kan werknemers aanmoedig om deel te neem aan... geleenthede, byvoorbeeld Wêreld MIV/Vigs-dag.	
5	Die besigheid kan gesondheidsorgdienste verskaf deur klinieke op die perseel te vestig om werknemers toegang tot basiese ... sorg te gee.	

1.7 Maniere om kulturele regte in die werkplek te bevorder

	1.7.1	Voltooi die volgende met betrekking tot maniere om Kulturele regte in die werkplek te bevorder. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--------------	--

inligting	agtergronde	verdra
respekteer	taal	kantien

#	Maniere om Kulturele regte in die werkplek te bevorder	Antwoorde
1	Die besigheid moet die reg van werkers om deel te neem aan kulturele aktiwiteite ...	
2	Die besigheid moet 'n omgewing skep waarin werknemers vry voel om hul eie ... te gebruik wanneer hulle in hul vrye tyd met ander kommunikeer.	
3	Die besigheid kan werknemers help om mekaar te respekteer deur gereelde kulturele ... sessies in die werkplek te hou.	
4	Verskillende kulture kan geakkommodeer word deur verskillende kos in die ... sowel as personeelfunksies te verskaf	
5	Die besigheid, moet volgens die WGI, mense van verskeie kulturele ... in diens te neem.	
6	Die besigheid moet werknemers oplei om ander kulture in die werkplek te ...	

1.8 Implikasie van gelykheid, respek en waardigheid op besighede

	1.8.1	Voltooi die volgende met betrekking tot Implikasie van gelykheid, respek en waardigheid op besighede. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	--------------	---

geleenthede	diskriminasie	waardigheid
waardes	omgewing	geslag

#	Implikasie van gelykheid, respek en waardigheid op besighede	Antwoorde
1	Werknemers moet gelyk behandel word, ongeag hul ras, kleur, ouderdom, ... , gestremdheid.	
2	Gelyke toegang tot ..., poste en hulpbronne moet vir alle werknemers beskikbaar wees.	
3	Die missiestelling van die besigheid moet die ... van gelykheid en respek insluit.	
4	Voorvalle van ... moet aangemeld word, en werkgewers moet vinnig en regverdig op hierdie kwessies in die werkplek reageer.	
5	Werkgewers moet verseker dat die werkplek ... veilig, regverdig en vry van verleentheid is.	
6	Besighede moet werkers moet met respek en ... behandel deur erkenning te gee aan werk wat goed gedoen is.	

	1.8.2	Voltooi die volgende aktiwiteit met betrekking tot Menseregte
---	--------------	--

VRAAG 1

- 1.1 Beskryf kortlik VIER ekonomiese regte van werkers in die werkplek (8)
- 1.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

JUNG LOGISTIEK (JL)

Benno Jung is die eienaar van Jung Logistiek. Bono bied nie vir Fatima en Fabio dieselfde salarisskaal nie, maar hulle albei presteer goed en het dieselfde ervaring. Sommige van JL se werknemers is bang om hul opinies te lig omdat hulle dalk teenoor gediskrimineer sal word. Bono het die MIV-status van een van sy werknemers met sy junior bestuurder gedeel. Henk is as 'n vragmotorbestuurder aangestel, maar hy het opdrag gekry om riool uit lekkende pype te verwyder. JL het nie hul werknemers ingelig oor hul rolle in die KMI-projekte wat vir die gemeenskap gedoen sal word nie.

- 1.2.1 Identifiseer VYF menseregte wat deur JL geskend is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om **VRAAG 1.2.1** te beantwoord.. (15)

	MENSEREGTE	MOTIVERING
1		
2		
3		
4		

5		
---	--	--

- 1.3 Verduidelik die implikasie van gelykheid, respek en waardigheid op besighede. (8)
- 1.4 Beveel maniere aan hoe besighede sosiale regte in die werkplek kan bevorder. (6)

Inklusiwiteit

1.9 Die betekenis van diversiteit in die werkplek

Diversiteit beteken dat mense verskil ten opsigte van rasse, geslag, ouderdom, kultuur, geloof en agtergrond, ens. Die werkplek bestaan uit werknemers met diverse agtergronde.

Besighede moet maniere ontwikkel om die kwessies van diversiteit in die werkplek te hanteer.

1.10 Diversiteit kwessies in die werkplek:

Armoede	Ras	Geslag	Taal
Ouderdom	Kultuur/Godsdiens	Gestremdheid	

1.11 Maniere hoe die besighede diversiteit kwessies kan hanteer


 Aktiwiteit	1.11.1	Voltooi die volgende met betrekking tot Maniere hoe die besighede diversiteit kwessies kan hanteer.
---	--------	--

erken	tolk	gemarginaliseer	bevorder	opleiding
gestremd	kommunikasie	gelyke	regstellende aksie	voorkeur
vaardighede	teikens	aftrede	diskriminasie	mentors
kos	sensitief	kollegas	-	-

#	Diversiteit kwessies	Verduideliking	Antwoorde
1	Armoede	Die besigheid moet mense van verskillende ... agtergronde en status in ag neem wanneer hulle nuwe personeel lede aanstel	
		Die besigheid moet werknemers ... vir dienste wat goed gelewer is en in hul basiese behoeftes voorsien.	

#	Diversiteit kwessies	Verduideliking	Antwoorde
		Besighede kan ... etes of kantien geriewe op die perseel vir hul werknemers aanbied.	
2	Ras	Besighede moet ... beleide implementeer soos vereis deur die WGI en ander wette.	
		Daar moet geen ... in die werkplek wees op grond van vel kleur nie.	
		Voorheen benadeeldes behoort ... behandeling te kry wanneer nuwe aanstellings gemaak word.	
3	Godsdien/ Kultuur	Besighede moet ... wees vir spesiale versoeke van verskillende kultuurgroepe, byvoorbeeld om verlof te neem vir kulturele vakansiedae en feeste.	
		Besighede moet voorsiening maak vir spesiale ... en spesiale voorbereidings metodes in die werkers kantien.	
		Elkeen het die reg dat hul kultuur en godsdien ... en respekteer word	
4	Geslag	Die besigheid moet ... werksgeleenthede aan mans en vroue bied.	
		Beide mans en vroue moet die geleentheid hê om in bestuur posisies ... te wees.	
		Die besigheid moet ... stel vir geslagsgelykheid in die besigheid sowel as die implementering daarvan.	
5	Taal	Besighede het die voorreg om te spesifiseer dat alle ... slegs in een spesifieke taal moet wees en kan van werknemers verwag om 'n sekere vlak van vlotheid in daardie taal te hê.	
		Die onderneming moet ... aan die werknemers verskaf in die amptelike taal van die onderneming.	
		Indien nodig, moet die besigheid 'n ... in diens neem om almal in staat te stel om te verstaan wat in 'n vergadering gesê word.	
6	Ouderdom	Die besigheid moet bevorderings implementeer gebaseer op 'n spesifieke stel ... eerder as om aan ouderdom gekoppel te word	
		'n Besigheid mag 'n persoon in diens neem wat ouer as die normale ... ouderdom is, mits daardie persoon die mees geskikte kandidaat is.	
		Ouer werknemers kan as ... gebruik word om jong werknemers te help om hul potensiaal te ontwikkel.	
7	Gestremdheid	Besighede moet mense wat fisies ... is in diens neem in poste wat vir hulle geskik is.	
		Besighede moet verseker dat werkers met spesiale behoeftes nie ... word of uitgesluit voel van werkplek aktiwiteite nie.	
		Besighede moet hul werknemers oplei oor hoe om ... te hanteer wat enige vorm van gestremdheid het.	

1.12 Voordele van diversiteit in die werkplek

 Aktiwiteit	1.12.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die voordele van diversiteit in die
---	---------------	--

		werkplek. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--	---

moraal	lojaliteit	belanghebbendes
skakel	perspektief	probleme

#	Verduideliking	Antwoorde
1	'n Diverse arbeidsmag verbeter die vermoë van 'n besigheid om ... op te los, meer innoverend te wees en diverse markte te bevorder.	
2	Wanneer werknemers mekaar se diversiteit waardeer, leer hulle om oor hindernisse heen te ... en te kommunikeer	
3	'n Diverse arbeidsmag kan die ... en motivering van werknemers verbeter.	
4	Wanneer mense gerespekteer, aanvaar en verstaan word, toon hulle groter ... teenoor die besigheid.	
5	Meer idees en insette vanuit verskillende ... van 'n diverse arbeidsmag kan besighede 'n mededingende voordeel gee, aangesien hulle beter dienste kan lewer.	
6	Beleggers en ander ... evalueer besighede toenemend oor hoe hulle diversiteit in die werkplek bestuur	

 Aktiwiteit	1.12.2	Voltooi die volgende aktiwiteit
--	---------------	--

VRAAG 1


- 1.1** Brei uit oor die betekenis van diversiteit in die werkplek. **(4)**
- 1.2** Identifiseer die diversiteit kwessie wat deur Mathe Handelaars (MT) in ELKE stelling hieronder aangespreek word:
- 1.2.1 MT het die reg stellende aksie-beleid ingestel om te verseker dat manlike en vroulike werkers gelyke werksgeleenthede gebied word.
- 1.2.2 MT verkoop spesiale kos in die kantien om voorsiening te maak vir verskillende werknemers in die besigheid.
- 1.2.3 Hulle moedig ouer werknemers aan om jonger werknemers te help om hul potensiaal ontwikkel.
- 1.2.4 MT het opritte gebou vir werknemers wat rolstoele gebruik. **(8)**
- 1.3** Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek. **(8)**
- 1.4** Stel maniere voor hoe besighede armoede as 'n diversiteit kwessie die werkplek kan hanteer **(8)**

Omgewingskwessies

Besighede neem die impak van hul bedrywighede op die omgewing in ag en verseker dat hul optrede nie hul werknemers benadeel en die omgewing besoedel nie. Dit is die verantwoordelikheid van die werkgewer, gesondheids en veiligheids verteenwoordigers, werknemers en die besigheid om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder.

Kom ons kyk na die verantwoordelikhede van elk van die bogenoemde belanghebbendes in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek.


1.13 Verantwoordelikhede van werkgewers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek

	1.13.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die verantwoordelikhede van werkgewers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	--------	--

gehare	toerusting	toesig
stelsels	stowwe	beskermend

#	Verduideliking	Antwoorde
1	Besighede moet ... voorsien, en in stand hou, wat werkers veilig hou terwyl hul werk.	
2	Werkgewers moet ... in plek hê wat verseker dat daar geen skadelike impak op die gesondheid en veiligheid van werkers sal wees nie.	
3	Werkgewers moet persoonlike ... klere aan werkers verskaf en gevare in die werkplek verminder of verwyder	
4	Werkgewers moet die produksie, verwerking, berging, vervoer van materiaal of toerusting noukeurig monitor om te verseker dat die werkers se gesondheid nie deur gevaarlike ... benadeel word nie.	
5	Werkgewers moet weet waar potensiële ... kan wees en maatreëls tref om die skade uit te skakel of te beperk	
6	Besighede moet verseker dat werkers van toerusting gebruik maak slegs onder ... van 'n aangewese opgeleide werker	


1.14 Rolle van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers in die beskerming van die Werkplek omgewing

	1.14.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die rolle van gesondheids- en veiligheidsvertegenwoordigers in die beskerming van die werkplek omgewing. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	--------	--

opleiding	korrek	identifiseer
gereelde	veiligheid	skakel

#	Verduideliking	Antwoorde
1	Hulle moet verseker dat die ... persoonlike beskermende klere verskaf en beskikbaar is vir alle werkers, en dat die werkers dit altyd dra.	
2	Hulle moet potensiële gevare in die werkplek ...	
3	Bevorder en hersien ... maatreëls in die werkplek.	
4	Hulle moet met die bestuur ... om die doeltreffendheid van gesondheids- en veiligheidsmaatreëls na te gaan en te monitor.	
5	Hulle moet verseker dat alle werkers die korrekte toerusting ontvang wat hulle nodig het om hul werk te verrig, en dat die toerusting ... in stand gehou word.	
6	Hulle moet verseker dat die besigheid die nodige veiligheids ... aan alle werknemers verskaf sodat enige potensiële gevare in die werkplek vermy kan word.	

1.15 Verantwoordelikhede van werkers/werknemers in die bevordering van gesondheid en veiligheid in die werkplek


	1.15.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die verantwoordelikhede van werknemers in die bevordering van gesondheid en veiligheid in die werkplek. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	--------	---

siekte	bestuur	stappe
reëls en prosedures	onveilig	gesondheid en veiligheid

#	Verduideliking	Antwoorde
1	Werkers moet bewus wees dat hulle na hul ... in die werkplek moet omsien..	
2	Werkers moet altyd voldoen aan die ... van die besigheid.	


#	Verduideliking	Antwoorde
3	Indien daar ... of ongesonde werksomstandighede is, moet hulle dit aan die bestuur rapporteer.	
4	Ongelukke moet onmiddellik by ... aangemeld word en die voorgeskrewe papierwerk moet voltooi word.	
5	Werkers moet redelike ... neem om hul veiligheid te verseker en te voldoen aan die reëls en beperkings van die werkplek.	
6	Indien hulle bewus is van enige ... wat hul vermoë om te werk kan beïnvloed, moet hulle hul werkgewer betyds inlig.	

1.16 Strategieë wat besighede kan gebruik om die omgewing en menslike gesondheid te beskerm

	1.16.1	Voltooi die volgende met betrekking tot strategieë wat besighede kan gebruik om die omgewing en menslike gesondheid te beskerm. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	---------------	---

tegnieke	natuur	onvriendelik
verbruik	omgewing	besoedeling

#	Verduideliking	Antwoorde
1	Die besigheid moet ook stappe neem om betrokke te raak by ... bewusmaking programme.	
2	Die besigheid moet sy produksie ... verander ten gunste van skoner en groener tegnologieë om die omgewing te beskerm.	
3	Volgens die maatskaplike regte van werkers moet die onderneming die water in die werkplek toets om te verseker dat dit veilig is vir menslike ...	
4	Die besigheid moet na natuurlike hulpbronne omsien en ... bewaring bevorder	
5	Die besigheid moet 'n beleid hê om ... te minimaliseer en aktief te hergebruik, te herwin en afval te verminder.	
6	Die besigheid kan die verbruik van goedere en dienste wat omgewings ... is verminder	

	1.17	Opstel-tipe vraag
--	-------------	--------------------------

BESIGHEIDSROLLE (OMGEWINGSKWESSIES)

Werkgewers moet hul verantwoordelikhede in ag neem om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder. Die verteenwoordigers is ook verantwoordelik vir die bevordering van gesondheid en veiligheid in die werkplek. Werknemers moet ook hul rol speel in die bevordering van veiligheid in die werkplek. Besighede moet strategieë ontwikkel om die omgewing en menslike gesondheid in die werkplek te beskerm.

Skryf 'n opstel oor omgewingskwessies waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verantwoordelikhede van werkgewers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek.
- Verduidelik die rolle van gesondheids- en veiligheids verteenwoordigers in die beskerming van die werksomgewing.
- Bespreek die verantwoordelikhede van werknemers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek.
- Beveel strategieë aan wat besighede kan gebruik om die omgewing en menslike gesondheid te beskerm. [40]



1.18

KONSOLIDASIE AKTIWITEIT

VRAAG 1

- 1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraag nommer (1.1.1 tot 1.1.5) neer, bv. 1.1.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Gelykheid	A regte wat deur die Handves van Regte beskerm word
1.1.2 Waardigheid	B werksmag bestaan uit werknemers uit verskillende agtergronde en rasse
1.1.3 Menseregte	C korrekte gedrag uit vrees vir gevolge van jou optrede
1.1.4 Kulturele regte	D 'n fisiese of geestelike toestand wat 'n persoon se bewegings, sintuie of aktiwiteite beperk
1.1.5 Diversiteit	E die besigheid moet manlike en vroulike werkers in die arbeidsmag insluit
	F besighede moet alle werknemers met respek behandel, ongeag hul sosio-ekonomiese status
	G billike indiensnemingspraktyke, sonder enige diskriminasie
	H regte van werknemers soos gesondheidsorg en skoon water
	I hierdie regte word deur die WGI beskerm
	J regte van die werkers soos taal en geloof

(10)

- 1.2 Noem VIER sosiale regte in die werkplek. (4)
- 1.3 Beskryf kortliks die verantwoordelikhede van werkgewers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek. (6)

VRAAG 2

- 2.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

THINUS MOTORVERVAARDIGERS (TMV)

Die bestuur van Thinus Motorvervaardigers werk saam met gesondheids- en veiligheidsverteenvoerders. Hulle sal verantwoordelik wees om te verseker dat gevaarlike toerusting onder die toesig van opgeleide en gekwalifiseerde werkers gebruik word. Hulle moet ook verseker dat die besigheid die nodige veiligheidsopleiding aan werknemers verskaf.

- 2.1.1 Haal TWEE rolle van die gesondheids- en veiligheids verteenwoordigers uit die scenario hierbo aan (2)
- 2.1.2 Verduidelik ander rolle van die gesondheids- en veiligheidsverteenvoerders in die werkplek (4)
- 2.2 Beveel maniere aan hoe besighede die volgende menseregte in die werkplek kan hanteer: (4)
 - 2.2.1 Vryheid van spraak en uitdrukking (4)
 - 2.2.2 Veiligheid, sekuriteit en beskerming van lewe in die werkplek (4)

VRAAG 3 BESIGHEIDSROLLE (MENSEREGTE EN DIVERSITEIT)

Daar word van besighede verwag om die ekonomiese regte van die werknemers in die werkplek te bevorder. Hulle moet ook die implikasies van gelykheid, respek en waardigheid in die werkplek ken. Besighede moet maniere vind om geslag en ouderdom as diversiteit kwessies te hanteer sodat hulle die voordele van diversiteit in die werkplek kan geniet.

Skryf 'n opstel oor menseregte en diversiteit waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die ekonomiese regte van werknemers in die werkplek.
 - Verduidelik die implikasies van gelykheid, respek en waardigheid in die werkplek.
 - Bespreek die voordele van diversiteit in die werkplek.
 - Stel maniere voor hoe besighede die volgende diversiteit kwessies in die werkplek kan hanteer:
 - Geslag
 - Ouderdom
- (40)**

2 SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID; KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID (KMV) EN KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE BELEGGING (KMI)

Aan die einde van hierdie onderwerp behoort leerders in staat te wees om:

- ❖ Definieer/Brei uit oor die betekenis van maatskaplike/Sosiale verantwoordelikheid.
- ❖ Verduidelik die verhouding of verband tussen maatskaplike Verantwoordelikheid en die drievoudige sleutelaspekte ('triple bottom line').
- ❖ Stel maniere voor hoe 'n besigheid projek tot die gemeenskap kan bydra
- ❖ Identifiseer/Noem die volgende sosio-ekonomiese kwessies uit gegewe scenario's of stellings:
 - MIV/Vigs
 - Werkloosheid
 - Armoede
- ❖ Beveel aan/Stel maniere voor hoe besighede die sosio-ekonomiese hierbo kwessies kan hanteer.
- ❖ Verduidelik/Beveel aan/Stel maniere voor hoe besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van werknemers en gemeenskappe te bevorder.
- ❖ Definieer/Brei uit oor die betekenis van KMV/KSV
- ❖ Beskryf/Verduidelik die doel van KMV/KSV
- ❖ Identifiseer/Noem/Beskryf kortliks die komponente van KMV/KSV: omgewing, etiese korporatiewe maatskaplike investering/ beleggings, gesondheid en veiligheid.
- ❖ Identifiseer KMV/KSV programme uit gegewe scenario's/stellings.
- ❖ Verduidelik/Bespreek/Evalueer/Analiseer die impak (positiewe/ voordele en/of negatiewe/nadele) van KMV/KSV op besighede en gemeenskappe.
- ❖ Definieer/Brei uit oor die betekenis van KMI/KSI.
- ❖ Beskryf/Verduidelik die doel van KMI/KSI.
- ❖ Beskryf kortliks/Noem KMI/KSI-fokusareas
- ❖ Verduidelik/Onderskei tussen KMV/KSV en KMI/KSI.
- ❖ Verduidelik/Bespreek/Evalueer/Analiseer die impak (positiewe/voordele en/of negatiewe/nadele) van KMI/KSI op besighede en gemeenskappe.

Sleutel begrippe

- **Belanghebbendes:** enige persoon/organisasie wat 'n direkte of indirekte belang in die besigheid en hul aktiwiteite het.
- **Emissies/Vrystellings:** skadelike stowwe wat tydens produksieprosesse vrygestel word.
- **Inisiatief:** implementering van oplossings vir nuwe/belangrike planne wat deur die besigheid onderneem/ bestuur is.
- **Korporatiewe Maatskaplike Investering (KMI):** die belegging van korporatiewe fondse/ander bates vir die kern doel om maatskaplike uitkomst te bereik.
- **Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (KMV):** hoe die besigheid hul prosesse bestuur, insluitend tyd en moeite, om al die belanghebbendes van die besigheid positief te beïnvloed.
- **Maatskaplike verantwoordelikheid:** 'n etiese standpunt wat sê dat elke individu of organisasie die samelewing as geheel moet bevoordeel.
- **Sosiale Verantwoordelikheid indeks (SVI):** maak voorsiening vir die maatstaf van KMV/KMI-voldoening van maatskappye wat bestuurders help om hul KMV/KMI-prestasie te verbeter. Dit is 'n indeks wat deur die JSE gebruik word om beleggers in te lig oor die korporatiewe volhoubaarheid beleide en -praktyke van besighede.
- **Welstand:** die mate van geluk, voorspoed, sukses en positiewe moraal van werknemers, die gemeenskap, en die samelewing.

Inleiding

In Graad 10 is jy bekendgestel aan die betekenis van sosio-ekonomiese kwessies, die rede waarom dit 'n uitdaging aan besighede stel en hul impak op sakebedrywighele.

In Graad 11 het ons van die impak van sosio-ekonomiese kwessies op besighede en produktiwiteit van die besigheid geleer, asook moontlike oplossings om sosio-ekonomiese kwessies te hanteer.

In Graad 12 sal ons uitbrei oor die betekenis van maatskaplike verantwoordelikheid, die implikasies daarvan op besighede, en die strategieë van hoe om sommige sosio-ekonomiese kwessies te hanteer. Ons sal ook oor die drievoudige sleutelaspekte, korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid en korporatiewe maatskaplike investering leer.

Sosiale Verantwoordelikheid

2.1 Die begrip sosiale verantwoordelikheid

Besighede het 'n verpligting teenoor al hul belanghebbendes, en ook teenoor die gemeenskap. Hulle moet 'n balans tussen die ekonomie en die omgewing handhaaf, en ook die welstand van ander in ag neem.

Besighede moet altyd die wette en wetlike vereistes van die regering in gedagte hou tydens hul bedrywighele. Besighede moet byvoorbeeld die wetlike vereistes oor skadelike emissies en gevaarlike stowwe in hul prosesse op produkte in ag neem. Hulle moet ook versigtig wees om nie natuurlike hulpbronne uit te put nie.

Besighede moet ook aktief by die gemeenskap betrokke wees en na die omgewing omsien.

2.2 Die betekenis van sosiale verantwoordelikheid

In die hedendaagse wêreld is dit die verantwoordelikheid van elke burger en organisasie om by te dra tot die welstand van die gemeenskap en die omgewing waarin hulle woon. Besighede het die verantwoordelikheid om hul bedrywighele te balanseer tussen ekonomiese ontwikkeling, die welstand van die gemeenskap en na die omgewing om te sien.

Hierdie verantwoordelikheid kan die volgende vorm aanneem:


- vermy enige optredes wat die omgewing kan benadeel, byvoorbeeld die uitbuiting van natuurlike hulpbronne
- implementering van inisiatiewe wat die samelewing kan bevoordeel.

2.3 Inleiding tot die drievoudige sleutelaspekte (DSA) / Triple Bottom Line (TBL)


Die drievoudige sleutelaspekte (DSA) dui daarop dat besighede toegewyd moet wees om hul maatskaplike en

omgewingsimpak te meet benewens hul finansiële prestasie, eerder as om net op wins te fokus. Dit kan in die 'drie P's' opgebreek word:

- mense; (People)
- wins ; (Profit)
- planeet. (Planet)




2.4 Die verhouding/verband tussen sosiale/maatskaplike verantwoordelikheid en die drievoudige sleutelaspekte

	2.4.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die verhouding/verband tussen sosiale/maatskaplike verantwoordelikheid en die drievoudige sleutelaspekte. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	-------	---

uitbuit	volhoubare	welstand	projekte
gemeenskap	hulpbronne	energie	herwinning

#	Drievoudige sleutelaspekte	Inhoud	Antwoorde
1	Mense/Sosiaal	Besighede moenie mense, hul werknemers, kliënte of die gemeenskap benadeel of ... nie.	
		Besighede behoort betrokke te raak en te belê in ... gemeenskaps programme of projekte wat gemeenskappe sal bevoordeel.	
		Besighede moet bydra tot die ... van al hul belanghebbendes.	
2	Wins/Ekonomies	Die drievoudige sleutelaspekte beteken dat besighede nie net op hul wins moet fokus nie, maar ook in KSI ... moet belê	
		Besighede moenie 'n wins maak ten koste van hul ... nie	
3	Planeet/Omgewing	Besighede moenie ... uitput of die omgewing benadeel vir produksie of om wins vir hulself te verkry nie.	
		Hulle moet ... doeltreffende of eko-vriendelike produkte en Produksie metodes ondersteun.	
		Hulle moet deelneem aan ... of die hergebruik van afval,	

2.5 Maniere hoe 'n besighedsprojek tot die gemeenskap kan bydra

	2.5.1	Voltooi die volgende met betrekking tot maniere hoe 'n besigheidsprojek tot die gemeenskap kan bydra. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	-------	---

in diens neem	vrywilliger
liefdadigheids	gemeenskap

#	Inhoud	Antwoorde
1	Die besigheid kan ... bydrae tot NRO's maak	
2	Die besigheid kan betrokke wees by ... onderwys	
3	Die besigheid kan lede van die plaaslike gemeenskap ... in hul projekte vir die gemeenskap	
4	Besighede kan hul werknemers aanmoedig om deel te neem aan ... programme wat in die plaaslike gemeenskap plaasvind	

2.6 Sosio-ekonomiese kwessies

Sosio-ekonomiese kwessies is probleme of uitdagings wat uit sekere aspekte in die samelewing en die ekonomie ontstaan. Dit het 'n negatiewe invloed op beide gemeenskappe en besighede.

In Graad 11 het jy die impak van verskeie sosio-ekonomiese kwessies op sake bedrywighede behandel.

In Graad 12 sal die fokus op die volgende kontemporêre sosio-ekonomiese kwessies wees: MIV/VIGS, armoede en werkloosheid.

	2.6.1	Voltooi die volgende met betrekking tot Sosio-ekonomiese kwessies
---	-------	--

Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BENJA SUPERSPAR (BS)

Benja Superspar is geleë in 'n gebied waar 30% van die gemeenskap nie ekonomies aktief is nie. Sommige mense is nie in staat om hul basiese behoeftes te bevredig nie, daarom het BS besluit om elke maand 50 kospakkies aan gesinne in nood te gee. Sommige werknemers neem gereeld verlof om hul antiretrovirale behandeling (ARB) by plaaslike klinieke te kollekteer.

2.6.1.1 Identifiseer DRIE sosio-ekonomiese kwessies wat uitdagings aan BS stel. Motiveer jou antwoord deur aan te haal uit die scenario hierbo. Gebruik die tabel hieronder as 'n GIDS om **VRAAG 2.6.1.1** te beantwoord.

SOSIO-EKONOMIESE KWESSIE	MOTIVERING


2.7 Strategieë om sosio-ekonomiese kwessies te hanteer

	2.7.1	Voltooi die volgende met betrekking tot strategieë om sosio-ekonomiese kwessies te hanteer. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--------------	---

armoede	berading	pakkies	werksgeleenthede
voorkoming	opleiding	werkswinkels	behuising
beurse	entrepreneurs	vrywilligers	behandeling

#	Strategieë	Inhoud	Antwoorde
1	Strategieë om MIV/VIGS te hanteer	Neem deel aan die bestaande MIV/VIGS ... programme wat in die gemeenskap geïmplementeer word.	
		Lei beraders op om ... aan besmette en geïmpakteerde persone/werknemers te voorsien.	
		Hou ... oor MIV/VIGS-programme en ondersteun MIV/Vigs veldtogte	
		Ontplooï anti-retrovirale (ARV) ... programme (ARB) vir die besmette werknemers	
2	Strategieë om werkloosheid te hanteer	Verskaf vaardigheidsontwikkeling ... binne die gemeenskap deur middel van leerlingskap programme.	
		Bied ... aan die gemeenskap en werknemers om hul vlak van opvoeding te verbeter.	
		Skep ... vir lede van die gemeenskap in die besigheid.	
		Voer ... programme uit wat self indiensneming kan bevorder.	
3	Strategieë om armoede te hanteer	Skenk geld en/of kos ... aan plaaslike NRO's.	
		Belê in infrastruktuur en ... programme in die plaaslike area.	
		Bied die beste ... programme aan om potensiële werknemers te identifiseer en te lok..	
		Ondersteun ... verligtings programme wat deur die regering aangebied word.	

2.8 Maniere hoe besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van hul werknemers te bevorder

	2.8.1	Voltooi die volgende met betrekking maniere hoe besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van hul werknemers te bevorder. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	-------	---

bonusse	voordele	voedings	vervoer
moraal	lone/salarisse	ontspanning	

#	Inhoud	Antwoorde
1	Betaal billik ... aan die werkers op grond van die aard van hul werk en die heersende ekonomiese toestande in die mark	
2	Betaal billik ... - gebaseer op besigheid verdienste - as erkenning vir harde werk en toewyding.	
3	Voorsien ... fasiliteite vir werknemers en moedig hulle aan om fiks en gesond te bly.	
4	Sluit veiligheids-, mediese- en kantien fasiliteite in as bykomende ... wat werknemers kan geniet	
5	Begin 'n ... program sodat werknemers een maaltyd per dag kan geniet om hulle in 'n gesonde toestand te hou.	
6	Verskaf ... vir werknemers wat buitengewone lang ure werk.	
7	Voer spanbou sessies uit om werknemers se ... te verbeter.	

2.9 Maniere hoe besighede tyd en moeite kan bydra om die te verbeter welstand van gemeenskappe

	2.9.1	Voltooi die volgende met betrekking maniere hoe besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van hul gemeenskap te bevorder. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	-------	---

projekte	benadeel	eties
praktyke	lewensgehalte	ontspanning

#	Inhoud	Antwoorde
1	Besighede moet daarna streef om die algemene ... van hul gemeenskap te verbeter, deur byvoorbeeld vaardigheidsontwikkelings kursusse en beurse aan te bied.	
2	Verseker dat die produk wat hulle verskaf nie verbruikers of die omgewing ... nie.	
3	Weerhou om betrokke te raak by onwettige of skadelike ... soos om kinders onder die wettige ouderdom in diens te neem of onwettige middels te verkoop.	
4	Oefen ... korrekte besigheidspraktyke, byvoorbeeld, om nie betrokke raak by onbillike advertensies nie.	
5	Skenk geld en/of tyd aan die gemeenskap ...	
6	Voorsien die nodige fasiliteite vir sport en ... doeleindes om sosiale kohesie en gesonde aktiwiteite te bevorder.	

	2.9.2	Konsolidasie-aktiwiteit
---	-------	--------------------------------

VRAAG 1

1.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HASHMI ONDERNEMINGS (HY)

Hashmi Enterprises is geleë in 'n armoede-geteisterde gebied waar mense nie hul basiese behoeftes kan bekostig nie. Baie mense in die gemeenskap is werkloos. Werknemers by HO wat met MIV/VIGS leef, is dikwels afwesig van die werk.

- 1.1.1 Noem DRIE sosio-ekonomiese kwessies wat in die scenario hierbo genoem word. (3)
- 1.1.2 Beveel maniere aan waarop HO ELKE sosio-ekonomiese kwessie wat in VRAAG 1.1.1 geïdentifiseer is, kan hanteer.. (6)
- 1.2 Stel maniere voor waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van werknemers te bevorder. (8)

Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid (KSV/KMV)

2.10 Definisie/betekenis van Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (KMV)

Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (KMV) is die voortdurende verbintenis van 'n besigheid om eties op te tree, by te dra tot ekonomiese ontwikkeling en hul belanghebbendes positief te beïnvloed

2.10 Doel van KSV

	2.10.1	Voltooi die volgende met betrekking tot doel van KMV. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	---------------	---

driedubbele sleutelaspekte	voldoen	etiese kwessies
ekonomiese	verwagtinge	

#	Inhoud	Antwoorde
1	Die samelewing verwag van hulle bydraes, en hulle wil aan die samelewing se ... voldoen	
2	Hulle wil aan die verwagtinge van die regering en die wet ...	
3	Die besigheid kan ... voordele kry deur byvoorbeeld, krediete te kry vir die beheer van koolstof vrystellings	
4	Die besigheid se beleide moet ... kwessies in ag neem, byvoorbeeld, hulle besluit om hul uitlaatgasse in die produksieproses te verminder.	
5	Besigheidsbedrywighede spreek die ... aan deur KSV-programme om op die JSE-indeks vir maatskaplike verantwoordelikheid - SRI gelys te word.	

2.11 Komponente van KMV

Gelyke indiensneming	Besigheidsetiek	Gemeenskap
Voorsieningsketting/ Verspreidingskanaal	Etiese korporatiewe maatskaplike investerings	Gesondheid en veiligheid
Omgewing	Korporatiewe bestuur	Kliënte

 Aktiwiteit	2.11.1	Pas die stellings hieronder by elk van die bogenoemde komponente van KMV.
--	---------------	--

#	Konsep	Verklarings
1	A	Besighede moet vir die omgewing sorg deur aan Omgewings programme soos die herwinning van afval, die vermindering van hul koolstof vrystellings, ensovoorts, deel te neem.
2	B	Die besigheid is verplig om na menseregte om te sien soos respek vir werknemers, kliënte en verskaffers. Hulle moet byvoorbeeld goeie behandeling van werkers, veilige produkte vir kliënte en billike handel met verskaffers verseker
3	C	Die besigheid moet verseker dat die werksomgewing veilig is vir alle belanghebbendes.
4	D	Die besigheid moet altyd aanspreeklik, deursigtig wees en aan die wet voldoen, soos voorgestel deur die King IV-kode.
5	E	Elke besigheid moet hul kernwaardes soos eerlikheid, respek en regverdigheid in al hul beleide en praktyke integreer.
6	F	Om aan die wette te voldoen, moet die onderneming diversiteit, gelykheid en billikheid in die werkplek hê soosvoorgeskryf deur die WGI en ander wette.
7	G	Slegte praktyke van sakevennote reflekteer negatief op die besigheid. Hulle moet die hele voorsieningsketting beïnvloed om aan goeie KMV-praktyke deel te neem.
8	H	Kliënte oorweeg die wyse waarop goedere en dienste deur die besigheid geproduseer word, benewens die koste en gehalte. Kliënte is ook bekommerd oor die impak van die besigheid se praktyke op die omgewing en gemeenskap.
9	G	'n Besigheid moet in noue kontak met hul gemeenskap wees om hul werklike behoeftes, kwessies en risiko's te ken voordat die besigheid 'n KMV-strategie vir die gemeenskap kan ontwikkel.

2.12 Impak van Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid (KMV)/Korporatiewe Maatskaplike Investering (KMI) op besighede en gemeenskappe



Neem kennis dat die impak van KMV en KMI op die besigheid dieselfde is. Net so is die impak van KMV en KMI op die gemeenskap is dieselfde.



2.12.1

Voltooi die volgende met betrekking tot die impak van KMV/KMI op besighede. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder

koop	bemarking	lojaliteit	produktiwiteit
publisiteit	tydrowend	pryse	ondernemings

#	Opskrifte	Inhoud	Antwoorde
1	Positiewe/ Voordele	KMI kan ervare werknemers lok en die ... van die besigheid verhoog.	
		Die besigheid kan 'n mededingende voordeel hê, wat lei tot goeie ... in die media.	
		KMI bevorder klante ..., wat tot meer verkope kan lei.	
		Hulle kan KMI as 'n ... strategie gebruik om hul produkte te bevorder.	
2	Negatiewe/ Nadele	KMV-programme kan deur die gemeenskap as vanselfsprekend aanvaar word en kliënte mag nie die besigheid se produkte ... nie.	
		Dit is moeilik vir klein en medium ... om KMV-programme te implementeer.	
		Daar word van sakeondernemings verwag om gedetailleerde verslae op te stel, wat ... is	
		Maatskaplike betrokkenheid word gefinansier uit besigheids winste wat tot voordeel van kliënte en die verlaging van ... aangewend kon word.	



2.12.2

Voltooi die volgende met betrekking tot die impak van KMV/KMI op die gemeenskap. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder

sosiale	winste	werksgeleenthede	afhanklik	welsyn
volhoubaar	ontwikkeling	diskriminasie	arm	entrepreneurs

#	Opskrifte	Inhoud	Antwoorde
1	Positief/ Voordele	Die ... van die gemeenskap sal verbeter omdat daar aandag gegee sal word aan uitdagings wat die gemeenskapslede in die gesig staar.	
		Vaardigheid ... kan plaasvind, wat weer die moontlikheid van aanstellings van lede van die gemeenskap sal vergroot.	
		Ontwikkelingsprogramme wat die besigheid implementeer sal die ... vaardighede van gemeenskappe verbeter.	
		Die voorsiening van beurse verhoog die vlak van onderwys en stel die gemeenskap in staat om aansoek te doen vir ...	
		Beter opvoedkundige en ontspanningsfasiliteite word in ... gemeenskappe gevestig.	
2	Negatief/ Nadele	Besighede is nie altyd toegerus om ... probleme aan te spreek nie.	
		As gemeenskapslede te ... op KSV-programme raak, kan hulle sukkel om gebruik te maak van inisiatiewe wat aan hulle beskikbaar gestel is.	
		Besighede kan van ... beskuldig word as hulle nie die verspreiding van skaars hulpbronne goed bestuur nie.	
		Sommige besighede neem slegs deel aan KMV-inisiatiewe om ... in te samel en gee nie om vir die gemeenskap waarin hulle bedrywig is nie.	
		As KMV-programme nie ... is nie, kan dit die gemeenskap benadeel	

Korporatiewe Maatskaplike Investering (KMI)

2.13 Die betekenis van KMI

- Korporatiewe Maatskaplike Investering (KMI) is die fondse en/of ander bates van die besigheid wat aan 'n projek toegewys word wat daarop gemik is om die lewenstandaarde van lede van die gemeenskap te verbeter.
- KMI-projekte is buite die normale besigheidsaktiwiteite van 'n maatskappy, en die bedoeling daarvan moet nie wees om die maatskappy se wins direk te verhoog nie.
- Hierdie projekte het 'n sterk ontwikkelings benadering en gebruik besigheids hulpbronne om gemeenskappe te bevoordeel en op te hef/te bevorder

2.14 Die doel van KMI

	2.14.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die doel van KMI. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	---------------	---

ontwikkeling	positiewe	lewenstandaard
wet en regering	langtermynbeleggings	

#	Inhoud	Antwoorde
1	Dit het ten doel om by te dra tot die volhoubare ... van sy onmiddellike gemeenskappe.	
2	Die ... vereis dat 'n besigheid KMI -bydraes moet maak.	
3	KMI-projekte openbaar 'n ... besigheidshouding teenoor die plaaslike gemeenskap en help die gemeenskap om te ontwikkel.	
4	Die KMI-projekte is ... en moet volhoubaar wees	
5	KMI is noodsaaklik vir die Suid-Afrikaanse konteks omdat daar 'n groot behoefte is om die ... van gemeenskappe op te hef.	

2.15 KMI Fokus areas


- Gemeenskap
- Landelike ontwikkeling
- Werknemers
- Omgewing.

2.16 Voorbeelde van KMI

- Armoedeverligting deur skenkings aan plaaslike organisasies.
- Om betrokke te wees by bewaring projekte, byvoorbeeld deelname aan herwinnings projekte.
- Om dienste te lewer wat die regering nie kan nie, byvoorbeeld om infrastruktuur te bou.
- Investering in werkskepping projekte vir lede van die gemeenskap.
- Die verskaffing van basiese onderwys vir volwassenes, byvoorbeeld die hou van leesklasse vir volwassenes.
- Onderrig van entrepreneuriese vaardighede deur kursusse aan jong entrepreneurs te hou.

2.17 Verskille tussen KMV en KMI


- KMV verwys nou na 'n organisasie se verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en omgewing waarin dit funksioneer
- KMI sal poog om die gemeenskap waarin die besigheid bedrywig is, op te hef.

	2.17.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die verskille tussen KMV & KMI. Kies
---	---------------	---

		jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--	--

sosiale beeld	behoefte hulpbronne	belegging praktyke	bemaking beleide
------------------	------------------------	-----------------------	---------------------

#	Opskrifte	Inhoud	Antwoorde
1	KMV	Die bedoeling is om sake ... te verander	
		Die fokus is op die verbetering van die besigheids ... en verhoging van wins.	
		Verseker dat alle interne KMI ... belanghebbendes se belange insluit.	
		Dikwels bedoel as 'n ... inisiatief.	
2	KMI	Aktiewe toewyding van geld en ... om die gemeenskap op te hef.	
		Die fokus is op die opheffing van die gemeenskap sonder 'n opbrengs op ...	
		Verseker dat KMI-projekte relevant is vir die ... van gemeenskappe.	
		Bedoel om gemeenskappe deur ... ontwikkeling te bevoordeel en op te hef.	

	Die verskille moet nie in 'n tabel aangebied te word nie, maar die verskille moet duidelik wees. Ken die verskille goed.
--	--

	2.17.2	Konsolidasie-aktiwiteit
--	---------------	--------------------------------

VRAAG 1**1.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.****AMILE TRADERS (AT)**

<ul style="list-style-type: none"> • Minimum van een direkteur. 	<ul style="list-style-type: none"> • Minimum van drie direkteure.
<ul style="list-style-type: none"> • Die naam moet eindig met Eiendoms Beperk/(Edms.) Bpk. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die naam moet eindig met Beperk/Bpk.
<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële jaarstate hoef nie geouditeer en gepubliseer te word nie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Finansiële jaarstate moet geoudit en gepubliseer word.
<ul style="list-style-type: none"> • Het nie nodig om 'n prospektus te publiseer nie, aangesien die maatskappy nie hul aandele aan die publiek mag verhandel nie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Moet registreer en 'n prospektus by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE/CIPC) publiseer.
<ul style="list-style-type: none"> • Daar word nie van die maatskappy verwag om die minimum inskrywing te bereik/minimum aantal aandele uit te reik nie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Moet 'n minimum aantal aandele verkoop/'n minimum inskrywing bereik, voordat die maatskappy met besigheid mag begin.

4.7 Ondernemingsvorme en die bydrae van die kriteria tot die sukses en/of mislukking van elke Ondernemingsvorm

Kriteria wat bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n eenmansaak

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Belasting	<ul style="list-style-type: none"> Die eienaar word slegs in 'n persoonlike hoedanigheid op winste belas. Die eienaar se inkomste word teen 'n laer koers as die maatskappybelastingkoers belas. Indien die eienaar onder 'n sekere drempelbedrag per jaar verdien, is geen inkomstebelasting betaalbaar nie, en die besigheid se wins word dus nie belas nie. 		<ul style="list-style-type: none"> As winste te groot word, kan die eienaar uiteindelik 'n groter bedrag belasting in sy/haar persoonlike hoedanigheid betaal. Versuiming deur die eienaar om persoonlike inkomstebelasting regulasies na te kom, kan lei tot aansienlike finansiële boetes wat deur die SAID opgelê word.
Bestuur	<ul style="list-style-type: none"> Een eienaar kan vinnige besluite neem omdat hy/sy nie ander hoef te raadpleeg nie en daar geen konflik is nie. Die eienaar pas dalk eie kreatiwiteit toe wanneer belangrike besluite geneem word. 		<ul style="list-style-type: none"> Die eienaar moet al die administrasie, bestuur en besluitneming in die besigheid doen. Eienaars moet op hul eie ervaring en vaardighede staatmaak en kan verkeerde besluite neem.
Kapitaal	<ul style="list-style-type: none"> Kapitaal sal versigtig bestee en bestuur word omdat eienaars alle kapitaal bydra. Die eienaar kan moontlik bykomende kapitaal van finansiële instellings verkry as hy/sy kredietwaardig is. 		<ul style="list-style-type: none"> Winste is dalk nie groot genoeg vir uitbreiding nie. Die eienaar kan nie altyd mense met groot salarisse aanstel nie wat daartoe lei dat minder gekwalifiseerde personeel in diens geneem word. Die eienaar is verantwoordelik vir enige kapitaal wat geleen word.
Verdeling van winste	<ul style="list-style-type: none"> Die eienaar ontvang alle winste uit die besigheid wat tot kapitaalgroei kan lei. Die eienaar mag die wins gebruik om die besigheid uit te brei. 		<ul style="list-style-type: none"> Winste dek dalk nie alle besigheidskuld nie, wat die uitbreiding van die besigheid kan belemmer. Indien die eienaar nie wins maak nie, kan die inkomste en lewensbestaan van die eienaar ernstig geraak word.
Wetgewing	<ul style="list-style-type: none"> Dit is maklik/goedkoop om te begin. Daar is beperkte regulatoriese vereistes ten opsigte van die naam van die besigheid. Onbeperkte aanspreeklikheid van die eienaar aanmoedig om harder te werk om die sukses van die besigheid te verseker. 		<ul style="list-style-type: none"> Die eienaar is persoonlik aanspreeklik vir die verlies van die besigheid en moet versigtig begroot. Moet aan relevante munisipale regulasies voldoen of dit kan lei tot die sluiting van die besigheid. Die besigheid is nie 'n regs persoon nie, daarom het die eienaar onbeperkte aanspreeklikheid vir die skuld van die besigheid. Persoonlike skuld en die skuld van die besigheid is een en dieselfde. Die besigheid het geen kontinuïteit nie, want dit is afhange van die lewe van die eienaar. Besighede mag slegs vir meer lenings kwalifiseer as hulle gelisensieer is. Lenings is nie maklik verkrygbaar nie.

Kriteria wat bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n vennootskap

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Belasting	<ul style="list-style-type: none"> Die vennootskap betaal nie inkomstebelasting nie, slegs die vennote in hul persoonlike hoedanighede. 		<ul style="list-style-type: none"> Vennote met 'n hoë inkomste betaal meer belasting, wat ander vennote kan ontmoedig om by die vennootskap aan te sluit. Vennote kan meer kontant onttrek om hul belastinglas te verminder wat kontantvloei-probleme vir die vennootskap kan veroorsaak.
Bestuur	<ul style="list-style-type: none"> Vennote is aktief betrokke by die bestuur en hul gesamentlike idees/insette kan lei tot beter besluitneming. Nie alle vennote hoef aktief by die bestuur betrokke te wees nie, dus kan die mees bekwame vennote as bestuurders aangestel word. Vennote kan kreatief wees en toegang hê tot die kundigheid van ander vennote wanneer moeilike besluite geneem moet word. 		<ul style="list-style-type: none"> Besluitneming kan tydrowend wees, aangesien alle vennote moet saamstem. Vennote moet al die administrasie, bestuur en besluitneming in die besigheid doen. Vennote mag verskil oor hoe om die besigheid te bestuur, wat tot spanning tussen hulle kan lei. Vennote is agente van die vennootskap en slegte bestuursbesluite kan op ander vennote afgedwing word. Verskillende persoonlikhede en menings kan tot konflik of meningsverskille lei. Onverantwoordelike dade van een vennoot kan die hele vennootskap in gevaar stel.

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Kapitaal	<ul style="list-style-type: none"> • Meer kapitaal kan verkry word omdat meer as een vennoot tot kapitaal bydra. • Vennote is verantwoordelik vir die sukses en hulle sal versigtig wees met die besteding en bestuur van kapitaal. 		<ul style="list-style-type: none"> • Vennote het dalk nie almal die kapitaal om in die besigheid te sit wanneer dit nodig is nie. • Ongelyke insette aangesien sommige vennote kundigheid in plaas van kontant in sit
Verdeling van winste	<ul style="list-style-type: none"> • Vennote deel winste volgens hul bydraes wat harde werk en toewyding van hulle sal aanmoedig. • Winste word verdeel volgens 'n geskrewe vennootskapsoreenkoms wat help om misverstande/onenighede te beperk. 		<ul style="list-style-type: none"> • Die hoeveelheid werk wat verrig is, is dalk nie gelyk aan die hoeveelheid wins wat elke vennoot ontvang nie, wat tot ontevredenheid kan lei.
Wetgewing	<ul style="list-style-type: none"> • Maklik en goedkoop om op te rig, aangesien vennote 'n vennootskapsoreenkoms moet opstel. • Vennote is meer gemotiveerd om 'n sukses te maak omdat hul persoonlike besittings in gevaar is. • Geen regulatoriese vereistes rakende die naam van die besigheid nie. • Die onbeperkte aanspreeklikheid vir skuld kan vennote motiveer om sukses te behaal aangesien hulle hul persoonlike besittings kan verloor. 		<ul style="list-style-type: none"> • Vennote is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die skuld van die besigheid as gevolg van die onbeperkte aanspreeklikheid vir skuld. • Indien een vennoot sterf of aftree, moet die oorblywende vennote 'n nuwe ooreenkoms opstel. • Mondelinge ooreenkomste tussen vennote kan konflik tussen vennote veroorsaak. • 'n Vennootskap is nie 'n regsentiteit nie, vennote kan dagvaar of gedagvaar word.

Kriteria wat hydra tot die sukses en/of mislukking van 'n privaat maatskappy

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Belasting	<ul style="list-style-type: none"> Die maatskappy betaal belasting teen 'n vaste koers op hul wins. Kan belastingkortings kry as hulle by KSI-projekte betrokke is. Kan staatstenders bekom en hul lisensies hernu as hulle nie belasting onduik nie. 		<ul style="list-style-type: none"> Maatskappye is onderhewig aan dubbele belasting, byvoorbeeld aandeelhouders betaal die sekondêre belasting wat beleggers kan ontmoedig om aandele in die maatskappy te koop.
Bestuur	<ul style="list-style-type: none"> Word bestuur deur ten minste een bekwame/hoogs bekwame direkteur. Die bestuur van die maatskappy kan verbeter aangesien direkteure aanspreeklik is teenoor aandeelhouders. Aandeelhouders kan vir die mees bekwame direkteur stem/aanstel om die maatskappy te bestuur. 		<ul style="list-style-type: none"> Direkteur mag nie 'n direkte belang in die maatskappy hê nie, wat groei en winsmaksimering kan belemmer. Direkteursfooie verhoog die maatskappy se uitgawes wat netto wins verminder. Sommige aandeelhouders mag nie hul stemreg uitoefen nie, wat lei tot die keuse van die verkeerde persoon as 'n direkteur. Groot bestuurstrukture kan daartoe lei dat besluitneming tyd neem. Direkteur mag dalk nie gemotiveer word om baie hard te werk nie, omdat aandeelhouders oor die direkteur se vergoeding besluit.
Kapitaal	<ul style="list-style-type: none"> Meer kapitaal kan verkry word deur aandele aan aandeelhouders uit te reik. Groot bedrae kapitaal kan ingesamel word aangesien daar geen beperking op die aantal aandeelhouders is nie. Die maatskappy het toegang tot langtermyn kapitaal en het dus goeie langtermyn-groei geleenthede. Al is aandele nie vryelik oordraagbaar nie, kan groot privaat maatskappye 'n aansienlike hoeveelheid kapitaal verkry. 		<ul style="list-style-type: none"> Dit kan nie tot 'n baie groot besigheid groei nie, aangesien dit nie die publiek kan nooi om aandele te koop nie. Beperkings op die oordraagbaarheid van aandele mag dalk nie finansiële sterk beleggers lok nie. 'n Groot hoeveelheid kapitaal kan nie verkry word nie, aangesien die kapitaalbydrae slegs tot private aandeelhouders beperk is.
Verdeling van winste	<ul style="list-style-type: none"> Hoë winste en goeie opbrengste aan aandeelhouders dui op die sukses van 'n maatskappy, wat die waarde van aandele verhoog. Winst wat gegenereer word, kan herbelê word om sakebedrywighede uit te brei. Aandeelhouders ontvang winste volgens die aantal aandele wat hulle besit. 		<ul style="list-style-type: none"> Aandeelhouders kan hul aandele verkoop wanneer dividende laag is, wat lei tot 'n daling in aandeelpryse. Dividende word nie altyd uitbetaal nie, wat nuwe beleggers kan ontmoedig.

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Wetgewing	<ul style="list-style-type: none"> Prosedures om 'n privaat maatskappy op te rig is vereenvoudig deur die nuwe Maatskappywet, No. 71 van 2008. Beperkte aanspreeklikheid maak voorsiening vir die neem van groter risiko's, wat kan lei tot die groei van die besigheid. Oudit van finansiële state (indien nodig), gee aandeelhouders die versekering dat die besigheid behoorlik bestuur word en ondersteun die insameling van bykomende kapitaal. Daar is nie meer 'n beperking op die aantal aandeelhouders in 'n privaat maatskappy nie. Persoonlike aanspreeklikheid van aandeelhouders raak nie die maatskappy se bates nie. 		<ul style="list-style-type: none"> Oprigtingsprosedures is tydrowend, ingewikkeld en duur, aangesien baie regsdokumente voorberei en ingedien moet word. Hoë oprigtings-/vestigings uitgawes vereis groot aanvangskapitaal. Jaarlikse oudit van finansiële state (indien nodig) is duur. Indien 'n privaat maatskappy nie aan wetgewing voldoen nie, kan hul lisensie deur die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE/CIPC) teruggetrek word.

Kriteria wat bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Belasting	<ul style="list-style-type: none"> Die MPA betaal slegs belasting nadat besigheidsuitgawes afgetrek is. Die maatskappy betaal belasting teen 'n vaste koers, wat laer kan wees as die van vennootskappe. Kan belastingkortings kry as hulle by KSI-projekte betrokke is. Kan staatstenders bekom en hul lisensies hernu as hulle nie belasting ontduik nie. Die beeld van die besigheid word bevorder en lok beleggings wanneer maatskappye aan belasting regulasies en wette voldoen. 		<ul style="list-style-type: none"> Is aan dubbele belasting onderhewig, byvoorbeeld, wanneer aandeelhouders sekondêre belasting betaal, kan dit 'n maatskappy benadeel wat reeds finansiële sukses.

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Bestuur	<ul style="list-style-type: none"> Die MPA word bestuur deur 'n bevoegde raad van direkteure wat kundiges op hul gebiede kan wees. Meer direkteure kan aangestel word om meer vaardighede of kundigheid na die MPA te bring. Aandeelhouders kan vir die mees bekwame direkteure stem en aanstel om hul maatskappy te bestuur. 		<ul style="list-style-type: none"> Direkteure mag nie 'n direkte belang in die maatskappy hê nie, wat groei en winsmaksimering kan belemmer. MPA en hul aandeelhouders word verplig om 'n groter bedrag vir direkteursvergoeding te begroot om die beste direkteure te lok. Direkteursfooie verhoog die maatskappy se uitgawes wat netto wins verminder.
Kapitaal	<ul style="list-style-type: none"> Kapitaal kan vergroot/verhoog word deur meer aandeelhouders te kry. 		<ul style="list-style-type: none"> Dit kan nie tot 'n baie groot besigheid groei nie, aangesien die publiek nie geredelik toegang het om aandele te koop nie. Beperkings op die oordraagbaarheid van aandele mag dalk nie finansiële sterk beleggers lok nie. 'n Groot hoeveelheid kapitaal kan nie verkry word nie aangesien die kapitaalbydrae slegs tot private aandeelhouders beperk is.
Verdeling van winste	<ul style="list-style-type: none"> Hoë winste en goeie opbrengste aan aandeelhouders dui op die sukses van 'n maatskappy, wat die waarde van aandele verhoog. Winste wat gegeneer word, kan herbelê word om sakebedrywighede uit te brei. 		<ul style="list-style-type: none"> Aandeelhouders kan hul aandele verkoop wanneer dividende laag is, wat lei tot 'n daling in aandeelpryse. Dividende word nie altyd uitbetaal nie, wat nuwe beleggers kan ontmoedig.
Wetgewing	<ul style="list-style-type: none"> Die maatskappy en hul eienaars (aandeelhouders) is afsonderlike entiteite, wat meer mense kan aanmoedig om by die maatskappy aan te sluit. Direkteure word (deur die Wet) gedwing om verantwoordelik op te tree en harder te werk aan die sukses van die maatskappy om hul bates te beskerm. Direkteure teken prestasiekontrakte wat hulle sal motiveer om professioneel en eties te presteer. Regte en pligte van aandeelhouders word bepaal in die Maatskappywet, Nr. 71 van 2008, wat onetiese en korrupte gedrag minimaliseer. Mag staatstenders bekom aangesien die MPA behoorlik geregistreer is in ooreenstemming met die Maatskappywet. 		<ul style="list-style-type: none"> Langdurige registrasievereistes kan die werklike bedryf van die besigheid vertraag en aandeelhouders kan winsgewende geleenthede inboet. Dit is duur om hierdie ondernemingsvorm te registreer, wat besigheidsuitgawes verhoog en winste verminder. Die opstel van direkteure se prestasiekontrakte kan tydrowend en duur wees, en koste verhoog. Oudits word slegs vereis indien die MPA aan die vereiste toetse vir solvensie en likiditeit voldoen, wat tot ekstra ouditkoste lei.

Kriteria wat bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n publieke maatskappy

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Belasting	<ul style="list-style-type: none"> Die maatskappy betaal belasting teen 'n vaste koers op hul wins. Kan belastingkortings kry as hulle by KSI-projekte betrokke is. Kan staatstenders bekom en hul lisensies hernu as hulle nie belasting ontduik nie. 		<ul style="list-style-type: none"> Is aan dubbele belasting onderhewig, byvoorbeeld, as aandeelhouers die sekondêre belasting moet betaal, kan dit 'n maatskappy benadeel wat reeds finansiële sukses.
Bestuur	<ul style="list-style-type: none"> Bestuur deur 'n raad van bekwaam/hoogs bekwaam direkteure, wat lei tot beter besluitneming. Die bestuur van die maatskappy kan verbeter aangesien direkteure aanspreeklik is teenoor aandeelhouers. Aandeelhouers kan by die AJV vir direkteure stem en die mees bekwaam direkteure aanstel om die maatskappy te bestuur. Direkteure bring kreatiewe idees, wat doeltreffendheid in die maatskappy aanmoedig. 		<ul style="list-style-type: none"> Direkteure mag nie 'n direkte belang in die maatskappy hê nie, wat groei en winsmaksimering kan belemmer. Direkteure mag dalk nie gemotiveer word om baie hard te werk nie omdat aandeelhouers oor die direkteure se vergoeding besluit. 'n Groot bestuurstruktuur kan vertraging in besluitneming tot gevolg hê. Direkteursfooie verhoog die maatskappy se uitgawes en verminder netto wins. Bestuur kan voor regsuitdagings gestel word as hul verslae nie aan die King-kode III voldoen nie. Sommige aandeelhouers mag nie hul stemreg uitoefen nie, wat kan lei tot die keuse van die verkeerde persoon as 'n direkteur.
Kapitaal	<ul style="list-style-type: none"> Kan groot bedrae kapitaal insamel aangesien aandele en skuldbriewe aan die publiek verkoop kan word. Die aandeelkapitaal klousule in die Memorandum van Inkorporering kan verander word om meer aandele uit te reik. 'n Publieke maatskappy se aandele kan op die JSE genoteer word wat die maatskappy blootstelling aan meer potensiële beleggers gee. 		<ul style="list-style-type: none"> Groei is beperk as voldoende kapitaal nie verkry kan word nie. Groot bedrae kapitaal word benodig om 'n publieke maatskappy op te rig. Om ekstra kapitaal in te samel kan moeilik wees as die ekonomiese klimaat ongunstig is. Aandeelpryse verander heertyd en hulle kan waarde verloor. 'n Toename in die aantal uitgereikte aandele kan lei tot meer dividende wat uitbetaal word en minder behoue inkomste uit die maatskappy se winste.
Verdeling van winste	<ul style="list-style-type: none"> Hoë winste en goeie opbrengste aan aandeelhouers dui op die sukses van 'n maatskappy, wat die waarde van aandele verhoog. Winst wat gegeneer word, kan herbelê word om sakebedrywighede uit te brei. Aandeelhouers ontvang winste volgens die tipe en getal van hul aandele. 		<ul style="list-style-type: none"> Aandeelhouers kan hul aandele verkoop wanneer dividende laag is, wat lei tot 'n daling in aandeelpryse. Dividende word nie altyd uitbetaal nie, wat nuwe beleggers kan ontmoedig.
Wetgewing	<ul style="list-style-type: none"> Maatskappy moet voldoen aan die Maatskappywet, No. 71 van 2008. Die maatskappy en sy eienaars (aandeelhouers) is afsonderlike entiteite, wat meer mense kan aanmoedig om by die maatskappy aan te sluit. Beperkte aanspreeklikheid maak voorsiening vir die neem van groter risiko's, wat kan lei tot die groei van die besigheid. Oudit van finansiële state gee aandeelhouers die versekering dat die besigheid behoorlik bestuur word en ondersteun die verkryging van bykomende finansiering. 		<ul style="list-style-type: none"> Prosedures vir oprigting is tydrowend, ingewikkeld en duur, aangesien baie regsdokumente voorberei/ingedien moet word. Hoë oprigtings/vestigings uitgawes vereis groot aanvangskapitaal. Jaarlikse ouditering van finansiële state is duur. Indien 'n publieke maatskappy nie aan wetgewing voldoen nie, kan hul lisensie deur die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE/CIPC) teruggetrek word.

Kriteria wat bydra tot die sukses en mislukking van 'n nie-winsgewende maatskappy

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Belasting	<ul style="list-style-type: none"> • Mag vir belastingvrystelling kwalifiseer indien aan sekere kriteria voldoen word. • Hulle kan sekere belastingvoordele of belastingkortings ontvang wanneer hulle aktief by gemeenskapsprojekte betrokke is. 		<ul style="list-style-type: none"> • Daar word van hulle vereis om inkomstebelasting te betaal as hulle betrokke is by aktiwiteite wat nie met hul besigheidsdoel verband hou nie. • Moet aan sekere belastingvereistes voldoen om vrygestel te word, byvoorbeeld, bedrywighede moet uitsluitlik vir liefdadigheids-, wetenskaplike of openbare veiligheidsdoeleindes wees.
Bestuur	<ul style="list-style-type: none"> • 'n NWM kan goed bestuur word aangesien dit 'n minimum van drie direkteure benodig. • Meer direkteure kan aangestel word om meer vaardighede, idees en kundigheid na die NWM te bring. • Die wetlik voorgeskrewe bestuurstruktuur verseker 'n goed georganiseerde maatskappy. 		<ul style="list-style-type: none"> • Groot bestuurstrukture kan besluite kompliseer/ vertraag. • Direkteure kan besigheidsfondse wanbestuur aangesien hulle dalk nie 'n direkte belang in die NWM het nie. • Direkteure is aanspreeklik vir enige verlies/ skade/koste wat deur die maatskappy gely word. • Direkteure het dalk nie die vaardighede om hulpbronne te bestuur nie.
Kapitaal	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Onbeperkte aantal stigters kan meer kapitaal tot die maatskappy bydra. • Meer kapitaal kan deur skenkings of borgskappe vir die bedrywighede en uitbreiding ingesamel word. • Skenkers in nie-winsgewende maatskappye kan belastingkortings ontvang wat verdere bydraes kan aanmoedig. 		<ul style="list-style-type: none"> • Stigters kan beperkte kapitaal bydra, wat dalk nie voldoende is vir die oprigting en bedryf van die maatskappy nie. • Die maatskappy maak staat op skenkings as sy hoofbron van kapitaal, wat sy bedrywighede en uitbreidings kan belemmer. • Die NWM kan sukkel om genoeg kapitaal en fondse in te samel as hulle nie skenkers oortuig nie en skenkings word misbruik.
Verdeling van winste	<ul style="list-style-type: none"> • Die wins van die maatskappy word gebruik om ander behoeftes van die maatskappy te finansier. 		<ul style="list-style-type: none"> • Kan potensiële beleggers ontmoedig om in die maatskappy te belê, aangesien dit 'n nie-winsgewende maatskappy is.
Wetgewing	<ul style="list-style-type: none"> • Die maatskappy en hul eienaars (aandeelhouers) is afsonderlike entiteite, wat meer mense kan aanmoedig om by die maatskappy aan te sluit. • Finansiële state word geoudit wat tot die doeltreffende gebruik van hulpbronne kan lei. 		<ul style="list-style-type: none"> • Oprigtingsprosedures is tydrowend, ingewikkeld en duur, aangesien baie regsdokumente voorberei en ingedien moet word.

Kriteria wat bydra tot die sukses en/of mislukking van koöperasies

Kriteria	Sukses	EN/OF	Mislukking
Belasting	<ul style="list-style-type: none"> Dividende wat deur 'n maatskappy aan 'n koöperasie verklaar word, sal van dividendbelasting vrygestel word. 		<ul style="list-style-type: none"> Koöperasies word teen dieselfde koers belas as maatskappye wat hoog/duur kan wees.
Bestuur	<ul style="list-style-type: none"> Koöperasies kan hul bestuur aanstel. 'n Direksie/Raad van direkteure (minimum twee) word deur aandeelhouders gekies. Alle lede het een stem elk en besluite word demokraties geneem. 		<ul style="list-style-type: none"> Besluite is dikwels moeilik om te bereik. Nie alle direkteure is tot goeie bestuur in staat nie.
Kapitaal	<ul style="list-style-type: none"> Kapitaal word verhoog deur aandele aan lede uit te reik. Indien koöperasies aan sekere vereistes voldoen, kan hulle finansiële ondersteuning van die Departement van Handel en Nywerheid ontvang. 		<ul style="list-style-type: none"> Die fondse van 'n koöperasie is beperk en daarom is dit moeilik om te groei.
Verdeling van winste	<ul style="list-style-type: none"> Elke lid het 'n gelyke aandeel in die koöperasie. 		<ul style="list-style-type: none"> Die koöperasies word gemotiveer deur diens eerder as wins, wat minder wins vir lede beteken.
Wetgewing	<ul style="list-style-type: none"> Koöperasies moet by die Registrateur van Koöperasies registreer. Die oprigting van koöperasies is makliker as maatskappye. 		<ul style="list-style-type: none"> Die oprigtingsproses is tydrowend en moeilik.

 Aktiwiteit	4.7.1	Konsolidasie-aktiwiteit
---	--------------	--------------------------------

VRAAG 1

- 1.1** Verduidelik die kenmerke van koöperasies. **(8)**
- 1.2** Bespreek hoe die volgende kriteria kan bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n eenmansaak:
- 1.2.1** Kapitaal **(4)**
- 1.2.2** Verdeling van wins **(4)**
- 1.2.3** Wetgewing **(4)**

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (ONDERNEMINGSVORME)

Vennootskappe was 'n baie gewilde Ondernemingsvorm. Die mate waarin eienaars aanspreeklik is vir die skuld, het meer entrepreneurs laat oorweeg om privaat en openbare maatskappye as 'n ondernemingsvorm te oorweeg. Die afgelope tyd verander meer maatskappye na openbare maatskappye, aangesien dit meer geneig is om suksesvol te wees.

Skryf 'n opstel oor ondernemingsvorme waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die eienskappe van 'n vennootskap.
- Verduidelik die verskille tussen beperkte aanspreeklikheid en onbeperkte aanspreeklikheid.
- Onderskei tussen 'n privaat maatskappy en 'n publieke maatskappy.
- Gee besighede raad oor hoe die volgende kriteria tot die sukses en/of mislukking van 'n publieke maatskappy kan bydra:
 - Wetgewing
 - Bestuur.

(40)

4.8 Vergelyk ondernemingsvorme in terme van verskillende kriteria

Kriteria	Alleeneienaarskap	Vennootskap	Beslote korporasies	Koöperasies	Winsgewende maatskappy	Nie-winsgewende maatskappy
Belasting	Besighede word nie belasting, maar die eienaar sal in sy/haar private hoedanigheid belas word.	Vennote sal in hul private hoedanigheid belas word.	'n BK word as 'n regs persoon teen dieselfde koers as maatskappy belas.	'n BK word as 'n regs persoon teen dieselfde koers as maatskappy belas.	Maatskappy word as 'n regs persoon belas teen 'n vasgestelde maatskappy-belastingkoers en die dividende word ook belas.	Kwalifiserende NWM'e kry belastingvrye status.

Kriteria	Alleeneienaarskap	Vennootskap	Beslote korporasies	Koöperasies	Winsgewende maatskappy	Nie-winsgewende maatskappy
Bestuur	'n Alleenhandelaar bestuur hul eie besigheid.	Die vennootskapsooreenkoms sal bepaal wie en hoe die vennootskap bestuur sal word.	Alle lede van 'n BK is betrokke en neem deel aan die bestuur daarvan.	Alle lede het elk een stem en besluite word demokraties geneem. Direkteure (minimum twee) word deur aandeelhouders gekies.	Direkteure sal die maatskappy bestuur. Direkteure word by die AJV deur aandeelhouders gekies.	Word bestuur deur 'n minimum van drie direkteure.
Kapitaal	Die eienaar dra alle kapitaal by.	Vennote dra kapitaal by volgens die vennootskapsooreenkoms.	Lede dra 'n ooreengekome % kapitaal tot die BK by.	Kapitaal word ingesamel deur aandeelhouers te verkoop.	Kapitaal word ingesamel deur aandeelhouers te verkoop en deur skuldbriewe vir 'n publieke maatskappy uit te reik.	Dit ontvang skenkings van die publiek en as hulle kwalifiseer, kan NWM'e toelaes ontvang.
Verdeling van winste	Al die wins behoort aan die eienaar.	Wins word volgens die vennootskapsooreenkoms deur vennote gedeel.	Wins word deur lede gedeel volgens hul belangstelling in die BK.	Wins word onder lede verdeel volgens die hoeveelheid sake wat hulle met die koöperasies gedoen het.	Wins behoort aan die maatskappy. Aandeelhouers deel in die wins volgens die aantal en waarde van hul aandeel, indien die maatskappy 'n dividend verklaar.	Die wins van NWM'e word uitsluitlik vir die kerndoel van die organisasie gebruik.
Wetgewing	Slegs enkele wetlike formaliteite met registrasie.	'n Paar wetlike vereistes om vas te stel. 'n Vennootskapsooreenkoms moet aangegaan / voltooi word.	Moet 'n CK1-vorm indien, maar geen nuwe registrasies van beslote korporasies mag plaasvind nie.	Koöperasies moet by die Registrateur van Koöperasies registreer.	Maatskappy moet voldoen aan enige wetlike vereistes van die Maatskappywet, Nr. 71 van 2008.	Moet daaraan voldoen en 'n Memorandum van Inkorporering indien.

5 KONSOLIDASIE

5.1 Voltooi die tabel hieronder en vergelyk die verskillende tipe ondernemingsvorme.

	Eenmansaak	Vennootskap	Privaat maatskappy	Publieke maatskappy	Maatskappy sonder winsoogmerk
Wie is verantwoordelik vir belasting?					
Wie bestuur die besigheid?					
Hoe word die kapitaal ingesamel?					
Hoe word wins gedeel?					
Wie is aanspreeklik vir skuld?					
Hoe word die besigheid geregistreer?					

5.2.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BARNARD & SEUNS (BS)

Barnard & Seuns is 'n suksesvolle vennootskap, maar die vennote wil verander na 'n ondernemingsvorm waar hulle aandele aan die publiek kan verkoop.

- 5.2.1.1 Noem 'n nuwe vorm van eienaarskap wat geskik sal wees vir BS. (2)
- 5.2.1.2 Beskryf die voordele van die vorm van eienaarskap wat in **VRAAG 5.2.1.1** (6)
- 5.2.1.3 Verduidelik die nadele van 'n vennootskap. (6)

5.3 Adviseer besighede oor hoe die volgende kriteria wat kan bydra tot die sukses en/of mislukking van 'n maatskappy in staatsbesit

- 5.3.1 Belasting (4)
- 5.3.2 Verdeling van wins (4)

Erkenning van bronne:

2022 DBE Gr 12 Besigheidstudies Leerderboek



Wes-Kaapse
Regering

Wes-Kaap Onderwysdepartement
Direktoraat: Kurrikulum VOO

BESIGHEIDSTUDIES

HERSIENINGSBOEKIE

2025 KWARTAAL 3

Graad 12

VOORGESTELDE OPLOSSINGS

1. MENSEREGTE, INKLUSIVITEIT EN OMGEWINGSKWESSIES

Aan die einde van hierdie onderwerp moet leerders die volgende kan doen:

1.2 Tipe Menseregte in die werkplek

Waardigheid	Vryheid van spraak en uitdrukking	Privaatheid
Gelykheid	Veiligheid/Sekuriteit en Beskerming van Lewe	Inligting

	1.2.1	Voltooi die volgende met betrekking tot tipe Menseregte in die werkplek. Pas die verduideliking by die tipe mensereg. Kies jou antwoord uit die konsepte hierbo
--	--------------	--

#	Menseregte	Verduideliking
1	Privaatheid	Mense se inligting moet vertroulik gehou word en hul eiendom moet gerespekteer word.
2	Waardigheid/Respek	Almal het die reg om met respek behandel te word en dat hul waardigheid beskerm word.
3	Gelykheid	Mense moet gelyk wees in regte, status en voordele en as sodanig behandel word in die werkplek.
4	Vryheid van spraak en uitdrukking	Elkeen moet die reg hê om sy/haar mening uit te spreek en moet nie gestraf of gediskrimineer word omdat hulle dit uitspreek nie.
5	Inligting	Almal moet toegang hê tot inligting wat hulle raak, insluitend alle inligting wat deur werkgewers, die regering en ander belanghebbendes gehou word.
6	Veiligheid/sekuriteit en beskerming van lewe	Mense het die reg op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid is nie en die regte toerusting om hul gesondheid en veiligheid te beskerm.

1.3 Maniere om menseregte in die werkplek te hanteer

	1.3.1	Voltooi die volgende met betrekking tot maniere om Menseregte in die werkplek te hanteer.
--	--------------	--

inlig	sosio-ekonomiese	wetgewing	diskrimineer	griewe
werkplek	vernederende	kommunikeer	gelyke	mening
skend	beskermende	regering	vertroulik	deursigtig
oop	siektes	regulasies	werknemer	-

Menseregte	Maniere om menseregte in die werkplek te hanteer	Antwoorde
Privaatheid	• Besighede moet die regte van werknemers en kliënte respekteer en mag dit nie ... nie.	skend
	• Persoonlike inligting oor werknemers of kliënte moet ... gehou word en moet nie aan enigiemand anders gegee word nie.	vertroulik

Menseregte	Maniere om menseregte in die werkplek te hanteer	Antwoorde
	<ul style="list-style-type: none"> Die besigheid moet enige inligting oor chroniese ... van sy werknemers vertroulik hou. 	siektes
Waardigheid	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet hul werknemers waardeer ongeag hul... status en alle werknemers met respek en waardigheid behandel. 	sosio- ekonomiese
	<ul style="list-style-type: none"> Werknemers mag nie gedwing word om ... werk te doen nie. 	vernederende
Gelykheid	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moenie teen werknemers ... op grond van byvoorbeeld geslag, ras, geloof en seksuele oriëntasie nie, maar gelyke geleenthede aan hulle gee. 	diskrimineer
	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet verseker dat hul werkers ... betaling ontvang vir werk van gelyke waarde. 	gelyke
	<ul style="list-style-type: none"> Hulle moet toepaslik ... regverdig toepas op alle bestuurs vlakke. 	wetgewing
	<ul style="list-style-type: none"> Bestuurders moet verseker dat geen ... nadelig beïnvloed word nie as gevolg van diskriminasie 	werknemer
Vryheid van spraak/ Uitdrukking	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet ... kommunikasie kanale tussen bestuur en werknemers toelaat. 	oop
	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet werknemers 'n platform gee om hul ... te stel sonder enige viktimisering 	griewe
	<ul style="list-style-type: none"> Die werknemer het die reg om hul ... uit te spreek en moet nie gestraf of gediskrimineer word as gevolg daarvan nie. 	mening
Inligting	<ul style="list-style-type: none"> Werkers moet toegang hê tot inligting wat hulle raak, insluitend alle inligting wat deur die ... gehou word. 	regering
	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet ... wees in hul finansiële state deur werknemers wat versoek toe te laat om die state te sien. 	deursigtig
	<ul style="list-style-type: none"> Wanneer nuwe inligting beskikbaar word, moet die besigheid werknemers daaroor ... 	inlig
Veiligheid/ Sekuriteit	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet werkers met ... klere voorsien, byvoorbeeld handskoene en skoene. 	beskermende
	<ul style="list-style-type: none"> Besighede moet voldoen aan die ... soos die WBGV/WVBBS, wat die veiligheid en gesondheid van die werknemers raak.. 	regulasies
	<ul style="list-style-type: none"> Werkgewers moet voorsorgmaatreëls tref om te verseker dat werknemers en hul besittings veilig is in die ... 	werkplek

1.4 Ekonomiese regte van werknemers

	1.4.1	Voltooi die volgende met betrekking tot Ekonomiese Regte van werknemers. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--------------	---

werk	wettig	kies	handel dryf
dwang	werksure	werksure	

#	Ekonomiese regte van werknemers	Antwoorde
1	Vryheid van ... arbeid	dwang
2	Die reg om werk te aanvaar of ...	kies
3	Gelyke lone en gelyke betaling vir gelyke...	werk
4	Die reg op ontspanning en redelike beperking van...	werksure
5	Veilige en gesonde ...	Werks omstandighede
6	Om ... te vorm en daarby aan te sluit.	vakbonde
7	Reg om aan 'n ... staking deel te neem	wettig


1.5 Maniere om sosiale regte in die werkplek te bevorder

	1.6.1	Voltooi die volgende met betrekking tot maniere om Sosiale regte in die werkplek te bevorder. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--------------	--

vaardigheid	spesiale	toegang
mediese	werkloosheid	

#	Sosiale regte van werknemers	Antwoorde
1	Die besigheid moet voldoen aan die reg van werkers om ... tot skoon water en maatskaplike sekuriteit in die werkplek te hê.	toegang
2	Verskaf geleenthede vir werknemers om ... opleiding sessies by te woon.	vaardigheid
3	Die besigheid moet werkers by die WVF registreer om voldoende beskerming te bied in die geval van... of siekte.	werkloosheid
4	Die besigheid kan werknemers aanmoedig om deel te neem aan... geleenthede, byvoorbeeld Wêreld MIV/Vigs-dag.	spesiale
5	Die besigheid kan gesondheidsorgdienste verskaf deur klinieke op die perseel te vestig om werknemers toegang tot basiese ... sorg te gee.	mediese

1.6 Maniere om kulturele regte in die werkplek te bevorder

	1.7.1	Voltooi die volgende met betrekking tot maniere om Kulturele regte in die
--	--------------	---

werkplek te bevorder. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder

inligting	agtergronde	verdra
respekteer	taal	kantien

#	Maniere om Kulturele regte in die werkplek te bevorder	Antwoorde
1	Die besigheid moet die reg van werkers om deel te neem aan kulturele aktiwiteite ...	respekteer
2	Die besigheid moet 'n omgewing skep waarin werknemers vry voel om hul eie ... te gebruik wanneer hulle in hul vrye tyd met ander kommunikeer.	taal
3	Die besigheid kan werknemers help om mekaar te respekteer deur gereelde kulturele ... sessies in die werkplek te hou.	inligting
4	Verskillende kulture kan geakkommodeer word deur verskillende kos in die ... sowel as personeelfunksies te verskaf	kantien
5	Die besigheid, moet volgens die WGI, mense van verskeie kulturele ... in diens te neem.	agtergronde
6	Die besigheid moet werknemers oplei om ander kulture in die werkplek te ...	verdra

1.8 Implikasie van gelykheid, respek en waardigheid op besighede

	1.8.1	Voltooi die volgende met betrekking tot Implikasie van gelykheid, respek en waardigheid op besighede. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	--------------	---

geleenthede	diskriminasie	waardigheid
waardes	omgewing	geslag

#	Implikasie van gelykheid, respek en waardigheid op besighede	Antwoorde
1	Werknemers moet gelyk behandel word, ongeag hul ras, kleur, ouderdom, ... , gestremdheid.	geslag
2	Gelyke toegang tot ..., poste en hulpbronne moet vir alle werknemers beskikbaar wees.	geleenthede
3	Die missiestelling van die besigheid moet die ... van gelykheid en respek insluit.	waardes
4	Voorvalle van ... moet aangemeld word, en werkgewers moet vinnig en regverdig op hierdie kwessies in die werkplek reageer.	diskriminasie
5	Werkgewers moet verseker dat die werkplek ... veilig, regverdig en vry van verleentheid is.	omgewing
6	Besighede moet werkers moet met respek en ... behandel deur erkenning te gee aan werk wat goed gedoen is.	waardigheid

1.10 Maniere hoe die besighede diversiteit kwessies kan hanteer

	1.11.1	Voltooi die volgende met betrekking tot Maniere hoe die besighede diversiteit kwessies kan hanteer.
---	--------	--

erken	tolk	gemarginaliseer	bevorder	opleiding
gestremd	kommunikasie	gelyke	regstellende aksie	voorkeur
vaardighede	teikens	aftrede	diskriminasie	mentors
kos	sensitief	kollegas	-	-

#	Diversiteit kwessies	Verduideliking	Antwoorde
1	Armoede	Die besigheid moet mense van verskillende ... agtergronde en status in ag neem wanneer hulle nuwe personeel lede aanstel	sosio- ekonomiese
		Die besigheid moet werknemers ... vir dienste wat goed gelewer is en in hul basiese behoeftes voorsien.	beloon
		Besighede kan ... etes of kantien geriewe op die perseel vir hul werknemers aanbied.	gesubsidieerde
2	Ras	Besighede moet ... beleide implementeer soos vereis deur die WGI en ander wette.	regstellende aksie
		Daar moet geen ... in die werkplek wees op grond van vel kleur nie.	diskriminasie
		Voorheen benadeeldes behoort ... behandeling te kry wanneer nuwe aanstellings gemaak word.	voorkeur
3	Godsdiens/ Kultuur	Besighede moet ... wees vir spesiale versoeke van verskillende kultuurgroepe, byvoorbeeld om verlof te neem vir kulturele vakansiedae en feeste.	sensitief
		Besighede moet voorsiening maak vir spesiale ... en spesiale voorbereidings metodes in die werkers kantien.	kos
		Elkeen het die reg dat hul kultuur en godsdiens ... en respekteer word	erken
4	Geslag	Die besigheid moet ... werkseleenthede aan mans en vroue bied.	gelyke
		Beide mans en vroue moet die geleentheid hê om in bestuur posisies ... te wees.	bevorder
		Die besigheid moet ... stel vir geslagsgelykheid in die besigheid sowel as die implementering daarvan.	teikens
5	Taal	Besighede het die voorreg om te spesifiseer dat alle ... slegs in een spesifieke taal moet wees en kan van werknemers verwag om 'n sekere vlak van vlotheid in daardie taal te hê.	kommunikasie
		Die onderneming moet ... aan die werknemers verskaf in die amptelike taal	opleiding

#	Diversiteit kwessies	Verduideliking	Antwoorde
		van die onderneming.	
		Indien nodig, moet die besigheid 'n ... in diens neem om almal in staat te stel om te verstaan wat in 'n vergadering gesê word.	tolk
6	Ouderdom	Die besigheid moet bevorderings implementeer gebaseer op 'n spesifieke stel ... eerder as om aan ouderdom gekoppel te word	vaardighede
		'n Besigheid mag 'n persoon in diens neem wat ouer as die normale ... ouderdom is, mits daardie persoon die mees geskikte kandidaat is.	aftrede
		Ouer werknemers kan as ... gebruik word om jong werknemers te help om hul potensiaal te ontwikkel.	mentors
7	Gestremdheid	Besighede moet mense wat fisies ... is in diens neem in poste wat vir hulle geskik is.	gestremd
		Besighede moet verseker dat werkers met spesiale behoeftes nie ... word of uitgesluit voel van werkplek aktiwiteite nie.	gemarginaliseer
		Besighede moet hul werknemers oplei oor hoe om ... te hanteer wat enige vorm van gestremdheid het.	kollegas


1.12 Voordele van diversiteit in die werkplek

	1.12.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die voordele van diversiteit in die werkplek. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	---------------	---

moraal	lojaliteit	belanghebbendes
skakel	perspektief	probleme

#	Verduideliking	Antwoorde
1	'n Diverse arbeidsmag verbeter die vermoë van 'n besigheid om ... op te los, meer innoverend te wees en diverse markte te bevorder.	probleme
2	Wanneer werknemers mekaar se diversiteit waardeer, leer hulle om oor hindernisse heen te ... en te kommunikeer	skakel
3	'n Diverse arbeidsmag kan die ... en motivering van werknemers verbeter.	moraal
4	Wanneer mense gerespekteer, aanvaar en verstaan word, toon hulle groter ... teenoor die besigheid.	lojaliteit
5	Meer idees en insette vanuit verskillende ... van 'n diverse arbeidsmag kan besighede 'n mededingende voordeel gee, aangesien hulle beter dienste kan lewer.	perspektiewe
6	Beleggers en ander ... evalueer besighede toenemend oor hoe hulle diversiteit in die werkplek bestuur	belanghebbendes

1.13 Verantwoordelikhede van werkgewers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek


	1.13.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die verantwoordelikhede van werkgewers in die bevordering van menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	--------	--

gevare	toerusting	toesig
stelsels	stowwe	beskermend

#	Verduideliking	Antwoorde
1	Besighede moet ... voorsien, en in stand hou, wat werkers veilig hou terwyl hul werk.	toerusting
2	Werkgewers moet ... in plek hê wat verseker dat daar geen skadelike impak op die gesondheid en veiligheid van werkers sal wees nie.	stelsels
3	Werkgewers moet persoonlike ... klere aan werkers verskaf en gevare in die werkplek verminder of verwyder	beskermend
4	Werkgewers moet die produksie, verwerking, berging, vervoer van materiaal of toerusting noukeurig monitor om te verseker dat die werkers se gesondheid nie deur gevaarlike ... benadeel word nie.	stowwe.
5	Werkgewers moet weet waar potensiële ... kan wees en maatreëls tref om die skade uit te skakel of te beperk	gevare
6	Besighede moet verseker dat werkers van toerusting gebruik maak slegs onder ... van 'n aangewese opgeleide werker	toesig

1.14 Rolle van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers in die beskerming van die


Werkplek omgewing

	1.14.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die rolle van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers in die beskerming van die werkplek omgewing. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	--------	---

opleiding	korrek	identifiseer
gereelde	veiligheid	skakel

#	Verduideliking	Antwoorde
1	Hulle moet verseker dat die ... persoonlike beskermende klere verskaf en beskikbaar is vir alle werkers, en dat die werkers dit altyd dra.	korrek
2	Hulle moet potensiële gevare in die werkplek ...	identifiseer
3	Bevorder en hersien ... maatreëls in die werkplek.	veiligheid
4	Hulle moet met die bestuur ... om die doeltreffendheid van gesondheids- en veiligheidsmaatreëls na te gaan en te monitor.	kommunikeer
5	Hulle moet verseker dat alle werkers die korrekte toerusting ontvang wat hulle nodig het om hul werk te verrig, en dat die toerusting ... in stand gehou word.	gereeld
6	Hulle moet verseker dat die besigheid die nodige veiligheids ... aan alle werknemers verskaf sodat enige potensiële gevare in die werkplek vermy kan word.	opleiding

1.15 Verantwoordelikhede van werkers/werknemers in die bevordering van gesondheid en veiligheid in die werkplek


	1.15.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die verantwoordelikhede van werknemers in die bevordering van gesondheid en veiligheid in die werkplek. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	--------	---

siekte	bestuur	stappe
reëls en prosedures	onveilig	gesondheid en veiligheid

#	Verduideliking	Antwoorde
1	Werkers moet bewus wees dat hulle na hul ... in die werkplek moet omsien..	gesondheid en

#	Verduideliking	Antwoorde
		veiligheid
2	Werkers moet altyd voldoen aan die ... van die besigheid.	reëls en prosedures
3	Indien daar ... of ongesonde werksomstandighede is, moet hulle dit aan die bestuur rapporteer.	onveilig
4	Ongelukke moet onmiddellik by ... aangemeld word en die voorgeskrewe papierwerk moet voltooi word.	bestuur
5	Werkers moet redelike ... neem om hul veiligheid te verseker en te voldoen aan die reëls en beperkings van die werkplek.	stappe
6	Indien hulle bewus is van enige ... wat hul vermoë om te werk kan beïnvloed, moet hulle hul werkgewer betyds inlig.	siekte

1.16 Strategieë wat besighede kan gebruik om die omgewing en menslike gesondheid te beskerm

	1.16.1	Voltooi die volgende met betrekking tot strategieë wat besighede kan gebruik om die omgewing en menslike gesondheid te beskerm. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
--	---------------	---


tegnieke	natuur	onvriendelik
verbruik	omgewing	besoedeling

#	Verduideliking	Antwoorde
1	Die besigheid moet ook stappe neem om betrokke te raak by ... bewusmaking programme.	omgewing
2	Die besigheid moet sy produksie ... verander ten gunste van skoner en groener tegnologieë om die omgewing te beskerm.	tegnieke
3	Volgens die maatskaplike regte van werkers moet die onderneming die water in die werkplek toets om te verseker dat dit veilig is vir menslike ...	verbruik
4	Die besigheid moet na natuurlike hulpbronne omsien en ... bewaring bevorder	natuur
5	Die besigheid moet 'n beleid hê om ... te minimaliseer en aktief te hergebruik, te herwin en afval te verminder.	besoedeling
6	Die besigheid kan die verbruik van goedere en dienste wat omgewings ... is verminder	onvriendelik

1 SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID; KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID (KMV) EN KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE BELEGGING (KMI)

Sosiale Verantwoordelikheid


2.1 Die verhouding/verband tussen sosiale/maatskaplike verantwoordelikheid en die drievoudige sleutelaspekte

	2.4.1	Voltooi die volgende met betrekking tot die verhouding/verband tussen sosiale/maatskaplike verantwoordelikheid en die drievoudige sleutelaspekte. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	-------	---

uitbuit	volhoubare	welstand	projekte
gemeenskap	hulpbronne	energie	herwinning

#	Drievoudige sleutelaspekte	Inhoud	Antwoorde
1	Mense/Sosiaal	Besighede moenie mense, hul werknemers, kliënte of die gemeenskap benadeel of ... nie.	uitbuit
		Besighede behoort betrokke te raak en te belê in ... gemeenskaps programme of projekte wat gemeenskappe sal bevoordeel.	volhoubare
		Besighede moet bydra tot die ... van al hul belanghebbendes.	welstand
2	Wins/Ekonomies	Die drievoudige sleutelaspekte beteken dat besighede nie net op hul wins moet fokus nie, maar ook in KSI ... moet belê	projekte
		Besighede moenie 'n wins maak ten koste van hul ... nie	gemeenskap
3	Planeet/Omgewing	Besighede moenie ... uitput of die omgewing benadeel vir produksie of om wins vir hulself te verkry nie.	hulpbronne
		Hulle moet ... doeltreffende of eko-vriendelike produkte en Produksie metodes ondersteun.	energie
		Hulle moet deelneem aan ... of die hergebruik van afval,	herwinning

2.5 Maniere hoe 'n besigheidsprojek tot die gemeenskap kan bydra

	2.5.1	Voltooi die volgende met betrekking tot maniere hoe 'n besigheidsprojek tot die gemeenskap kan bydra. Kies jou antwoord uit die konsepte hieronder
---	--------------	---

in diens neem	vrywilliger
liefdadigheids	gemeenskap

#	Inhoud	Antwoorde
1	Die besigheid kan ... bydrae tot NRO's maak	liefdadigheids
2	Die besigheid kan betrokke wees by ... onderwys	gemeenskap
3	Die besigheid kan lede van die plaaslike gemeenskap ... in hul projekte vir die gemeenskap	in diens neem
4	Besighede kan hul werknemers aanmoedig om deel te neem aan ... programme wat in die plaaslike gemeenskap plaasvind	vrywilliger

2.6 Strategieë om sosio-ekonomiese kwessies te hanteer


